
Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

# Catalogue as at 19 August 2020

# Adult - Afrikaans

| | |
|---|---|
|   | Release Date: 18/8/2020<br>ISBN 978-1-928513-90-2<br>Book Name: Spookspeurder<br>Author: Sonja Brown<br>Category: Action<br>RRP: R90<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: B6<br>Pages: 116 |

Maans verloor sy hart op die dubbelverdieping kliphuis die oomblik toe hy in die dorp aankom. Dié huis staan eenkant, weg uit die dorp; nie dat mens dit in elk geval kan miskyk nie. Die berg waarteen dit gebou is, is lowergroen, en die klip waarvan die kasarm gebou is blink mooi bruin teen die agtergrond.

Maar oral in die dorp loop hy homself vas as hy net praat van die huis. Nee kyk, mense moet Maans nie aan't wonder laat nie. Veral toe die slaghuis-outjie hom stip aankyk en vra. "Is jy seker jy het die knaters om daar te wil bly?" Net daar en dan besluit Maans om die huis te koop.


Die binnekant van die huis slaan sy asem weg om meer as een rede. Toe ’n sagte vrouestem sê “Welkom tuis, Hermanus Johannes Steyn,” kon hy sweer sy hart het uit sy keel gespring, ’n bollemakiesie gemaak, en toe weer ewe netjies teruggeglip en op sy gewone plek lê gekry.

‘n Dynserige gestalte beweeg tot in sy sig. Sy sweef asof sy op wiele is. Dit moet dan die spook wees teen wie die dorpsmense hom gewaarsku het.

Maans vind gou uit daar is nie net een spook wat in die kliphuis woon nie, maar vier van hulle; vermoor in dieselfde huis. Sommer gou hou hy sy lyf speurder en word dit sy missie om hulle moordenaar op te spoor en aan die pen te laat ry.



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 17/8/2020
ISBN 978-1-928513-82-7
Book Name: Vuurdans
Author: Anna Penzhorn
Category: Romance
RRP: R249

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 259

Anesta Llewelyn, ‘n omroeper en ook ‘n aktivis vir vroueregte, word na ‘n uitval met die hoof van die radiostasie tydelik ontslaan en gaan bly op Eduleni, ’n stranddorpie aan die Suidkus. Daar loop sy na baie jare die kroonprins van Meredith Heights raak en vergete emosies wat in haar as tiener wakker gemaak is, vlam weer op.

Mike Meredith se doelwit is om te sorg dat die geslag Merediths nie uitsterf nie en Anesta is die perfekte kandidaat. Hy vra Anesta om hom te help met navorsing oor die Merediths en Llewelyns. Die twee Walliese gesinne wat saam na die Engelse Oorlog verhuis het na Suid-Afrika, het letterlik en figuurlik saam die wa deur die drif getrek.


Die geraamtes in Meredith Heights en Pembroke kry met skrikwekkende gevolge lewe. Owerspel het twee kante: die wat dit pleeg en die wat aan die ontvangkant is. In Meredith Heights en Pembroke se verlede, soos in die

hede, is die liefde die wilde kaart, die groot verdriet en groter vreugde.

Of die einde gelukkig gaan wees vir Anesta en Mike, kan die eksentrieke Matilda selfs nie eens met behulp van teeblare voorspel nie.

Anna Penzhorn skets op ‘n egmenslike wyse die komplekse verhouding tussen ‘n ma en dogter, ’n raar liefde tussen ’n man en ’n vrou wat nêrens het om heen te gaan nie, en die gemeenskap se onbetrokkenheid by geweld teenoor vroue.

Adult Afrikaans




Release Date: 7/8/2020
ISBN 978-1-928513-81-0
Book Name: Arondshoop: Bundel 2
Author: Boekehuis Skrywers
Category: General
RRP: R190

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 194

Arondshoop is ’n plattelandse dorpie geleë iewers tussen Êrens en Nêrens, waar almal vir almal ken. Elkeen van die inwoners het ’n storie. Daar is oom Kallie Klikbek en sy vrou Sara, en soos wat lesers van sy naam kan aflei, is oom Kallie maar lief om stories stertjies aan te las. So beland hy ampertjies in die moeilikheid toe hy by Rika flikflooi vir ’n karnaaitjie.

Tina Rabie, Arondshoop se handsentrale-operateur, sorg natuurlik ook vir lekker sappige brokkies nuus wat sy so “per ongeluk” hoor.

Wanneer klein Melanie soek raak, staan die Arondshoop se inwoners saam en almal help soek. Miempie gaps ’n fiets en Basie skrik so groot, dat hy die pak slaptjips op die arme Ria se kop omkeer.

Almal op die dorp ken die twee karnallies Arrie en kleinboet Jan wat nuwe betekenis aan ondeundheid gee.

Almal glo die stasie spook, maar Kobus die stasiemeester, sal nooit die dag vergeet toe dr. Eckhardt die rooikop suster op die stasie kom haal het nie.

Die toneelopvoering in die kerksaal veroorsaak groot konsternasie, terwyl die polisie behoorlik kop wanneer hulle die derde lyk ontdek met 'n paar bottels van tant Santie se tuisgemaakte ingelegte vrugte en konfyt langs hulle.

Lesers, kom neem 'n reis deur Arondshoop saam met ons Boekehuis Skrywers en beleef eerstehands die inwoners se wel en weë.



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 7/8/2020
ISBN 978-1-928513-80-3
Book Name: Arondshoop: Bundel 1
Author: Boekehuis Skrywers
Category: General
RRP: R190

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 199

Arondshoop is ’n plattelandse dorpie geleë iewers tussen Êrens en Nêrens, waar almal vir almal ken. Elkeen van die inwoners het ’n storie. Daar is oom Kallie Klikbek en sy vrou Sara, en soos wat lesers van sy naam kan aflei, is oom Kallie maar lief om stories stertjies aan te las. So beland hy ampertjies in die moeilikheid toe hy by Rika flikflooi vir ’n karnaaitjie.

Tina Rabie, Arondshoop se handsentrale-operateur, sorg natuurlik ook vir lekker sappige brokkies nuus wat sy so “per ongeluk” hoor.

Wanneer klein Melanie soek raak, staan die Arondshoop se inwoners saam en almal help soek. Miempie gaps ’n fiets en Basie skrik so groot, dat hy die pak slaptjips op die arme Ria se kop omkeer.

Almal op die dorp ken die twee karnallies Arrie en kleinboet Jan wat nuwe betekenis aan ondeundheid gee.

Almal glo die stasie spook, maar Kobus die stasiemeester, sal nooit die dag vergeet toe dr. Eckhardt die rooikop suster op die stasie kom haal het nie.

Die toneelopvoering in die kerksaal veroorsaak groot konsternasie, terwyl die polisie behoorlik kop wanneer hulle die derde lyk ontdek met ʼn paar bottels van tant Santie se tuisgemaakte ingelegte vrugte en konfyt langs hulle.

Lesers, kom neem ʼn reis deur Arondshoop saam met ons Boekehuis Skrywers en beleef eerstehands die inwoners se wel en weë.



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 6/8/2020
ISBN 978-1-928513-85-8
Book Name: Baäl se Jag
Author: Johan Fourie
Category: Detective
RRP: R190

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 201

"Gatvol vir korrupsie," dreun dit voor die Unie-bou.

"Gatvol vir korrupsie!

"Gatvol vir korrupsie!"

Driehonderd paar tekkies verskaf gesinchroniseerde voetestamp vir die singende en dansende skare voor die Unie-geboue.

'n Peleton van die SA Polisiediens hou die vreedsame betoging geamuseerd dop.

Twee vragmotors van AgriForum volg met waarskuwingsligte wat sy flou dreigemente uitbasuin. Plakkate verkondig die Departement Landbou se jongste sonde teenoor die boeregemeenskap. Een

plakkaat wys 'n beskuldigende vinger na die skare links van die vragmotors.

"GAAN JY MY PLAAS VAT?!

JY EN WIE?!"

Korrupsie vier hoogty op alle vlakke van die regering. Miljarde rande word jaarliks gesteel. Dit is 'n daaglikse verskynsel – van 'n paar duisend rand se bedrog of omkoopgeld tot miljarde rande. Die staat word deur kontrakteurs uitgebuit en betaal nie markverwante pryse vir produkte en dienste nie. Die ANC-regering laat dit toe.

'n Gees van korrupsie is toegelaat om te gedy in die pos-apartheid Suid-Afrika. In 'n poging om sy populeêre steun te versterk na 'n teleurstellende algemene verkiesing, is die regering openlik verdraagsaam teenoor die korruptiewe element.

"Anything goes," solank daar geld te make is. Geld regverdig enige krom praktyk. Hoe dieper die ontvangers van die korrupsievoordele ingetrek word in die misdadige modderpoel, hoe minder kans is daar vir ontbloting van die talryke sondes.

BAAL se mengelmoes raak net al hoe morsiger. Die kans om die gemors op te ruim, al hoe kleiner.

Is dit maar ons voorland?


Moet ons dit maar aanvaar?

Voer Xikhova en sy span korrupsievegters ‘n verlore stryd?

Iewers sê iemand:

“NEE. GENOEG IS GENOEG!”

Baäl is die bekende Siries-Palestynse god van donderweer en vrugbaarheid wat graag gejag het. In ’n bekende Noordwes-Semitiese teks word vertel hoe hy op die jag uit is en gesoek word deur sy gewelddadige suster Anat, wat ook sy beminde is. Wanneer sy hom op sy ekspedisie vind, sien sy hom as ’n bul en hy sien haar as ’n koei. Hulle seksualiteit word geprikkel en hulle kopuleer tydens die jag. As gevolg daarvan word ’n bulkalf vir Baäl gebore.




Release Date: 28/7/2020
ISBN 978-1-928513-35-3
Book Name: Stilte voor Storm
Author: Anna-Mart van der Merwe
Category: True-life-Disability
RRP: R209

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 205

Anna-Mart vertel: "Die Stilte is deur 'n Storm na 25 jaar finaal gebreek. Stilte voor Storm vertel die verhaal van ons seun, Andries van der Merwe se stryd met die genetiese siekte, Sistiese Fibrose en die wonderwerk van 'n dubbele long-oorplanting wat hom die kans op kwaliteit lewe gee.

Die Here het in Sy groot genade my gebede almal beantwoord en die skenker Storm en sy moeder, Lisa Smorenburg aan ons bekend gemaak.

Die wonderwerk aan Andries gegun vir 'n tweede kans op lewe asook die geleentheid gegun om Storm se gesin by te staan het my laat besef dat ek hierdie wonderlike verhaal moet deel.

Mag Andries se verhaal jou hart aanraak met hoop en vertroue in God. 'n God van wonderwerke selfs vandag - ook vir jou lewe."

Adult Afrikaans




Release Date: 23/7/2020
ISBN 978-1-918513-68-8
Book Name: Mis oor die See II: Die Ontknoping
Author: Francois Stemmet
Category: Detective-Mystery
RRP: R259

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 259

Dis vyf jaar later en Fanie word heeltemal gesond en boer steeds op La Bri. Teuns en Celia is getroud en woon op La Bri. Annet se boetiek floreer. Fanie Malherbe is inderdaad ‘n gelukkige man. Dis vir niemand ‘n geheim dat Ferdie sy oupa se oogappel is nie en Fanie is ingenome dat Ferdie landbou studeer op Stellenbosch.


Nadat Marius graad gevang het, besluit hy om op Teuns se plasie net langs La Bri te kom boer. Ou Trappies kom natuurlik saam en die twee se love-hate verhouding staan sterk.

Marius en Annet het trouplanne, maar Annet voel haar boetiek het nog te veel aandag nodig.

Celia het die huishouding op La Bri oorgeneem en haar huis in die stad verkoop.

Die agtergrond is geskets vir ‘n idilliese bestaan. Of dalk is dit juis andersom. En wat is broer Pierre se planne?

Adult Afrikaans




Release Date: 22/7/2020
ISBN 978-1-928513-43-8
Book Name: Banneling
Author: T. Nieuwoudt van Lill
Category: Romance-Thriller
RRP: R238

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 261

Die storie gaan oor ‘n wanaangepaste 18-jarige seun wat kort ná sy 18de verjaarsdag van sy ouerhuis vir die langarm van die gereg moet vlug. Hy en sy hond Oudien beland op ‘n plaas in die suide van Suidwes waar hy probeer om ‘n nuwe lewe vir hulle te skep.

Ongelukkig gryp die noodlot in en hy moet opnuut die nag invlug. Hy kies koers na die verlate Namib waar hy by die Tsarisberge beland. Speurders en ‘n onervare polisieman is egter op sy spoor in die berge waar hy wegkruip.

‘n Nabye familielid van een van sy slagoffers maak onverwags sy verskyning op die toneel om ‘n einde aan Dawid Serdyn se vlugtog te maak.


*'n Uittreksel uit die boek:*

Die bloed het trane gemaak waar dit teen die muur afgeloop het om skel die wraak van 'n besetene aan te kondig. "DIE DOOD IS HIER," het dié mens met die bloed geskryf.

Met dieselfde presisie nes hy die houtstompe oopkloof, tref Dawid die seun se vingers wat hy teen die kneukels afkap. Dit lê leweloos eenkant, met bloed wat uit die seun se vingerlose hande stroom.

Pon sien die flits van die son op die geweer se loop en weet uit jarelange ondervinding wat dit beteken. Pon hoor die skoot klap, maar dit is reeds te laat.

Adult Afrikaans




Release Date: 22/7/2020
ISBN 978-1-928513-43-8
Book Name: Banneling
Author: T. Nieuwoudt van Lill
Category: Romance-Thriller
RRP: R238

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 261

Die storie gaan oor ‘n wanaangepaste 18-jarige seun wat kort ná sy 18de verjaarsdag van sy ouerhuis vir die langarm van die gereg moet vlug. Hy en sy hond Oudien beland op ‘n plaas in die suide van Suidwes waar hy probeer om ‘n nuwe lewe vir hulle te skep.

Ongelukkig gryp die noodlot in en hy moet opnuut die nag invlug. Hy kies koers na die verlate Namib waar hy by die Tsarisberge beland. Speurders en ‘n onervare polisieman is egter op sy spoor in die berge waar hy wegkruip.

‘n Nabye familielid van een van sy slagoffers maak onverwags sy verskyning op die toneel om ‘n einde aan Dawid Serdyn se vlugtog te maak.

*'n Uittreksel uit die boek:*


Die bloed het trane gemaak waar dit teen die muur afgeloop het om skel die wraak van 'n besetene aan te kondig. "DIE DOOD IS HIER," het dié mens met die bloed geskryf.

Met dieselfde presisie nes hy die houtstompe oopkloof, tref Dawid die seun se vingers wat hy teen die kneukels afkap. Dit lê leweloos eenkant, met bloed wat uit die seun se vingerlose hande stroom.

Pon sien die flits van die son op die geweer se loop en weet uit jarelange ondervinding wat dit beteken. Pon hoor die skoot klap, maar dit is reeds te laat.


Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 15/7/2020
ISBN 978-1-928513-72-8
Book Name: Verlore Vrou
Author: Annatjie Sandrock
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 128

Al wat Rieka haar lewe lank wou doen, was om mense gesond te maak en ’n reisende praktyk te begin om na mense toe te gaan wat nie by haar kan uitkom nie. Alles was so in plek, perfek uitgewerk. Totdat Deon in haar lewe gekom het. Vir die afgelope vyftien jaar is dit genoeg om net ’n vrou te wees vir Deon en ’n ma vir haar twee kinders. Sy beskou dit as ’n voorreg om tuis te kan bly en haar gesin te versorg.

Een Donderdagoggend toe sy weer oudergewoonte saam met twee van haar vriendinne kuier, vra Retha ’n vraag wat ’n massiewe onstuimigheid in Rieka ontketen en sy haarself byna verloor op ’n tipiese vrouweespad vol vrae, opstand en weerstand. ’n Vrouweespad wat heel bekend is aan ons wat ook al een of ander tyd in ons lewe die pad gestap het. Soekend na ‘n identiteit wat ons vrouwees beaam.

Stap saam met Rieka, voel en beleef haar verlorenheid – dalk erken jy jouself êrens langs hierdie pad en is haar vrae aan haarself ook joune. En wie weet, dalk vind jy jouself ook daar waar jy moet wees. Daar waar jy wíl wees. Dalk kan jy ook sê: “Hoe volmaak is my lewe nie. Hoe sielsgelukkig is ek nie om Vrou te mag wees nie.




Release Date: 12/7/2020
ISBN 978-1-928513-61-2
Book Name: Pa'reis'
Author: Eyjafjalla (MariaanLamprecht)
Category: Inspirational
RRP: R149


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 110

Ek hou van mense en hulle belewenisse. Ek lees graag en ek het baie dinge wat ek graag wil hê andere moet lees, deels om lewenslesse met hul te deel, om hul te laat lag en veral om hulle te laat moet skep. Ek is nie ‘n motiveringspreker nie, maar ek kan andere deur my lewenservaringe motiveer, want as ek kon, dan kan jy. Ek is ‘n reisiger en sal my nooit aan ‘n enkele plek kan bind nie. ‘n Huis is ‘n slaapplek, die wêreld is waar ek wil beweeg.

Ek is ‘n geregistreerde berader met ‘n privaat-praktyk, maar nuwe uitdagings trek my soos ‘n magneet, so ek het ‘n ekstra graad in onderwys gedoen en is tans skoolhoof by ‘n klein Engelse privaatskool. Ek hou van tale, en alhoewel ek net Afrikaans en Engels kan praat, lees ek Nederlands en Duits en leer ek myself

om Frans en Noorweegs te lees. My toekoms is tans duister, maar uit ondervinding weet ek dit gaan WOW uitdraai.

Adult Afrikaans




Release Date: 12/7/2020
ISBN 978-1-928513-62-9
Book Name: Pa'reis'
Author: Nadia Lamprecht
Category: Travel Journal
RRP: R159

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 140

Die reisjoernaal met je ne sais quoi

Ah, Parys, Beeldskone Parys, stad van die liefde.

Die muse vir kunstenaars, wannebes en Asian Wedding Magazines.

Die miljoen dollar vraag is egter –hoe oorleef mens ‘n jaar in Parys?

Kom ek gee jou die breakdown, die step-by-step:


Reel 1 moenie Engels praat nie
Reel 2 moet GLAD nie Engels praat nie
Reel 3 wees eerder net Frans, en dan natuurlik...
Lewensles #43, moenie aan vreemde Franse agterdeure ruk nie!

Een van die vele dinge wat mens leer wanneer jy die land aandurf.

‘n Jaar se e-mails en nuus, trials en errors,
reiservaringe en honger-ly, voorstelle en raad,
die Franse se giere en geite, die haat van Engels en Starbucks, als hier in een joernaal – die reisjoernaal met je ne sais quoi



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 12/7/2020
ISBN 978-1-928513-58-2
Book Name: Bekende Vreemdeling
Author: Wilmarí Jooste
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 108

Talita Groenewald se lewensmaat word behoorlik onder haar voete uitgeruk toe haar verloofde haar soos ’n warm patat los om met sy werkgewer se dogter te trou. Haar vriendin dwing haar om een aand saam met die klompie vroue wat saam met hulle werk, uit te gaan.

’n Raps te veel drank en ’n aantreklike vreemdeling maak dat Talita vir een enkele nag alles oorboord gooi om te vergeet van die seerkry, maar daarna verdwyn sy eenvoudig uit die vreemdeling se lewe.

Daardie nag het egter vêrreikende gevolge en Talita besef dat sy uit daardie vreemdeling se pad moet bly. Al wat sy van hom weet is dat hy skatryk is en dat hy

klein Bertus van haar af sal kan wegneem. Talita is nie bereid om die kans te waag nie. Niemand gaan Bertus ooit van haar af wegneem nie.

Die vraag is of Jacques Streicher handjies gevou gaan sit toe hy besef dat hy ’n kind het.

Adult Afrikaans




Release Date: 2/07/2020
ISBN 978-1-928513-64-3
Book Name: Tinkie
Author: Elna van Zyl
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 97


Los my uit! Los my net uit! Ek haat julle! Ek haat julle!" gil Tinkie, en storm by die voordeur uit.

Tinkie se mamma is oorlede en sy sukkel om die trauma te verwerk. Sy hoor haar pa praat oor die foon en sy vlug.

Wat het van Tinkie geword?

Kan die hartseerverhaal eindig in vreugde?

Adult Afrikaans




Release Date: 1/07/2020
ISBN 978-1-928513-63-6
Book Name: Die Briefie
Author: Elna van Zyl
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 93

Lienka was die enigste kind van Alta en Cornelius de Wet. Haar pa het gesterf toe sy slegs nege jaar oud was en haar ma vyf maande gelede. Sy het groot geword in Kuruman waar haar pa die stasiebevelvoerder van die polisiestasie was en haar ma maar al die jare 'n tuisteskepper. Lienka soek Lukas van Vuuren op en hy luister aandagtig na wat Lienka sê, sy twee potblou oë vasgenael op die vergeelde, toegevoude briefie in sy hande. Sy hande bewe effens, maar Lienka sien dit nie eers raak nie.

Lukas vou die briefie stadig oop toe Lienka opgehou praat het. Die papiertjie is baie dun en kan maklik skeur...

Lees verder aan hierdie hartroerende verhaal...




Release Date: 30/6/2020
ISBN 978-1-928513-65-0
Book Name: Wintersnag in die Drakensberge
Author: Elna van Zyl
Category: Action
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 86

'n Vakansie in die Drakensberge breek aan waarna die gesin so uitgesien het.


Wat kan dan nou verkeerd gaan?

Kom ervaar 'n wintersnag in die Drakensberge saam met die gesin en vind uit wat so vreesaanjaend kan wees.Lewensles #43, moenie aan vreemde Franse agterdeure ruk nie!

Een van die vele dinge wat mens leer wanneer jy die land aandurf.

'n Jaar se e-mails en nuus, trials en errors, reiservaringe en honger-ly, voorstelle en raad,

die Franse se giere en geite, die haat van Engels en Starbucks, als hier in een joernaal – die reisjoernaal met je ne sais quoi




Release Date: 28/6/2020
ISBN 978-1-928513-24-7
Book Name: Die Lewe Lag
Author: Deon van Heerden
Category: Inspiration
RRP: R219

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 235


Geselsies oor menswees met 'n Lag en Traan daarby.

Boekskryf is soos tuinmaak. ‘n Mens kan dink jy weet hoe om ’n tuin uit te lê en wat om waar te plant. Jy kan so maklik jou tuin oorlaai en die verkeerde struike of plantjies plant en jouself dan kort voor lank vasloop in die Nagmerrie Woud van die feëverhale. Daarom moet dit met beplanning en voorbereiding en navorsing gepaardgaan – en baie koffie met koekies – sodat die eindproduk jou met ’n traan laat staar na die kleureprag van ’n goed beplande en beplante tuin!

“Die Lewe Lag” is gebore in die hart van die mens wat ek is.

Menswees sluit lag en huil in, maar dit is my gebed dat ons lag altyd die huil sal oorskadu. Ek glo dat die geselsies hierin vervat, vir elke leser iets sal sê. As jy die emosie lees en met jou hart ervaar – sal jy gou die lag van die lewe hoor en jou menswees opnuut geïnspireer word – so glo ek. Dan kan jy met meer entoesiasme die realiteite van die lewe laggend deurleef.

Adult Afrikaans




Release Date: 19/6/2020
ISBN 978-1-928513-57-5
Book Name: Die Geitjie
Author: Joey Haywood
Category: Romance
RRP: R149


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 103

Lienkie Verwey daag een aand laat op by ’n vreemde plaas naby Queenstown in opdrag van haar ma se testament. Die rooikop geitjie doen haar naam gestand toe sy sommer van die eerste oomblik af koppestamp met Marnus Schoeman wat aangestel is as haar voog. Sy spring een oggend op die vurige hings se rug en jaag weg, maar misgis haar met die perd en beland in die turksvybos.

Lienkie verdwyn spoorloos uit die hospitaal waarheen Marnus haar geneem het nadat sy ineengestort het. Sonder naam, sonder verlede, met ’n wond aan haar kop, beland sy by Koster Joubert. ’n Man wat self ’n hele klomp bagasie met hom saamdra.

Gaan die rooikopmeisie ooit weer haar geheue terugkry? En wie is die geheimsinnige NAGBEWAKER waarna die polisie al maande lank soek?

Adult Afrikaans

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 3/6/2020<br>ISBN 978-1-928513-39-1<br>Book Name: Stof<br>Author: Louw Erasmus<br>Category: Short Stories<br>RRP: R179<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: 176 |

Louw Erasmus se stories is meestal gesprekke met homself oor die alledaagse lewe. Gesprekke waarmee die leser hom/haar kan vereenselwig. Sy taalgebruik is alledaags met geen aansittery en mooi woorde nie. Die lewe soos dit is deur die oë en stem van 'n man wat 'n lewe wel geleef het. Deur swaarkry en goeie tye, hartseer en verlange neem Louw jou deur 'n lewensreis en met 'n les om te onthou in elke storie, wanneer jy eendag op oudag se stoep sit en terugdink...

Adult Afrikaans




Release Date: 3/6/2020
ISBN 978-1-928513-53-7
Book Name: Neriah
Author: Marsofine Krynauw
Category: Romance
RRP: R180

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 145

Neriah Bloemendal, die wêreldkampioen gimnas, kuier vir 'n paar dae by haar afgetrede ouers in Lambertsbaai aan die Weskus. Net voor sy terug gaan Amerika toe vir een van haar groot vertonings, tref 'n groot krisis hul familie. Haar jongste broer, Marnus, word gevang met 'n groot besending dwelms en sy weiering om inligting in verband met die dwelmsindikaat te verskaf, maak alles net nog moeiliker.

Die Bloemendal-familie het skaars kans gekry om hierdie slegte nuus te verwerk, of Neriah verdwyn self op 'n baie misterieuse manier. Die hulp van speursersant Whitelock van die Vermiste Persone tak moes dringend ingewin word om sersant Annandale met die ondersoek te help. Albei hierdie regsmanne besef maar te goed dat indien die media moet

agterkom dat sy vermis word, daar baie druk op hulle geplaas sal word om haar te vind. Sy is immers ’n huishoudelike naam reg oor die wêreld!

Is sy ontvoer, en hoekom? Hou dit verband met haar broer se inhegtenisname as dwelmhandelaar? Waar moet hulle begin soek? Gaan hul Neriah lewend kry?



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 22/6/2020
ISBN 978-1-928513-51-3
Book Name: Lente-lief
Author: Wilmarí Jooste
Category: Romance - SVL
RRP: R229


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 211

Lente Roux is ’n Karoo-kind, pas klaar met matriek en haar enigste droom is om met Johannes te trou. Selma, haar ma, het egter ander planne vir Lente. Nadat haar ouma vir Lente vertel hoekom haar ma haar van die plaas af wil dwing, pak sy haar verslete tassie met haar tuisgemaakte rokkies, sodat Selma haar in Kaapstad kan gaan aflaai.

Justin Devereux, Lente se werkgewer, het net een mikpunt; om Lente te besit. Christo, sy wynboer-broer, kom tot Lente se redding toe dinge skeefloop. Hy neem haar na sy plaas toe, gedetermineerd om Lente te beskerm; ook teen homself. Lente is, volgens hom, bloot net ’n kind en hy weier om toe te gee aan sy gevoel vir haar. Sy maak dit egter nie maklik vir hom nie, want onder daardie onskuldige kind-beeld,

is ’n warmbloedige en uiters begeerlike vrou, wat alle inhibisies oorboord gooi wanneer sy in sy kosbare Devereux-wyne invaar.

Kan Lente ooit vir Christo oortuig dat die ouderdomsgaping tussen hulle nie saak maak nie, of gaan Lente moet teruggaan Karoo toe en van Christo vergeet? ’n Koerantfoto onthul geheime wat die deurslag gee in die besluit wat Lente moet neem; een wat haar lewe totaal sal ontwrig.




Release Date: 21/5/2020
ISBN 978-1-928513-45-2
Book Name: Diamonds are for... ALMAL - Bloeddiamante
Author: Kobus Pieterse
Category: Crime
RRP: R179

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 137


Jan Joubert adverteer sy geliefde Ford bakkie om verkoop te word. ‘n Voornemende koper probeer hom by ‘n diamant transaksie betrek en hul neem Ogies as waarborg dat Jan nie met die polisie gaan praat nie.

In sy poging om Ogies te bevry kry ‘n paar manne goed op hul herrie. Alles dui daarop dat die diamante van Angola afkomstig is en dit kom met ‘n draai deur die Kongolese ambassade na Suid Afrika.

Die diamante word hier op die swartmark opgekoop en die geld daarvoor word teruggeploeg in die sakke van gewetenlose smokkelaars in ons buurlande. Sy twee besoeke aan Angola lewer niks goeds op vir die smokkelaars nie...

Net soos Kobus se debuut boek KOMPLOT beloof hierdie boek om jou te boei van die begin tot die einde

Adult Afrikaans





Release Date: 21/5/2020
ISBN 978-1-928513-21-6
Book Name: Namakwaland... Spook
Author: John Vincent van der Westhuizen
Category: Ghost - Short stories
RRP: R129

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 102

Ek verruil dit vir niks in hierdie wêreld nie. Hier is nou wel geen vulstasie of groot winkel nie, maar dit is my tuisdorp. My hart is hier, ek voel tuis hier. As ek eendag nie meer deel is van hierdie lewe nie, dan wil ek ook hier onder die stof en die grond begrawe word. Dan eers sal ek voltooi wees.

Namakwaland spook laat jou dadelik regop sit. Wie’s dan bang vir ’n spook en dit in die mooie Namakwaland? John vertel spookstories uit sy kontrei wat jou laat rondkyk snags.

Adult Afrikaans




Release Date: 21/5/2020
ISBN 978-1-928513-49-0
Book Name: Die Hospitaal
Author: Pieter Saayman
Category: Action
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 103

Bettie Snyders verpes die verlate dorpie met sy stofstrate waar sy gebore is en grootgeword het. Sy het 'n heimlike begeerte om 'n speurder te wees sodat sy moordenaars en skelms kan vastrek, maar dit was nie vir haar beskore nie. Werksgeleenthede in Elandsbult is min, sy moes dus maar vat wat sy kon kry. Nou spandeer sy haar vrye tyd aan die lees van speur- en misdaadverhale.

Een middag laat doen die geleentheid hom egter voor om haar lyf speurder te hou toe sy die algemene handelaar waar sy werk se deure sluit, en huis toe stap. Daar skyn lig uit een van die vensters van die ou munisipale hospitaal wat in onbruik is. Die hospitaal is jare gelede ontruim omdat dit nie meer lewensvatbaar was nie en moes sy deure finaal sluit.

Toegerus met 'n kombinasie-mes met allerlei funksies, wat sy by die winkel "geleen" het, en 'n flitslig, durf sy die gange van die ou, vervalle hospitaal aan om ondersoek in te stel of daar dalk iets sinister aan die gang is.

Sy loop haar egter vas in twee baie ongure karakters...



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 17/4/2020
ISBN 978-1-928513-38-4
Book Name: Bloedrooi Papawers
Author: Franciska Mouton
Category: Action
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 114

Alles het een wolklose dag in Oktober begin ...
Daardie dag het Lelami de Jager kennis gemaak met Trace Riley. Die aantreklike professor by die Departement van Geologie, aan die Universiteit van Ford Hare in die Oos Kaap.

Oktobermaand was nog altyd besing en bedig as die mooiste, mooiste maand. Maar dáárdie mooi lentedag van 2017, was vir haar baie spesiaal.

Hoekom... sou sy eers heelwat later uitvind.
Die hoofrede vir haar besluit om haar meestersgraad in geologie aan die Universiteit van Ford Hare te gaan doen, was hoofsaaklik om naby haar ouers te wees. Dit was net 'n logiese besluit volgens haar. Oos

Londen haar tuisdorp, en die universiteit van Ford Hare, was minder as drie ure se ry van mekaar.

Min het sy geweet watter kinkels die lewe vir haar sou gooi.

| | |
|---|---|
|   | Release Date: 17/4/2020<br>ISBN 978-1-928513-42-1<br>Book Name: Geheimsinnigheid op Vlakdrif<br>Author: Elna van Zyl & Angelique Godfrey<br>Category: Action<br>RRP: R90<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: B6<br>Pages: 95 |

Wanneer Divan, moedeloos en uitgeput van die hitte en droogte gedwing word om ’n windpomp te gaan regmaak om dors diere water te gee, lei dit tot ontdekking van ongerymdhede wat vlak onder sy neus gebeur.

Te midde van al die probleme raak jong kinders weg op die dorp en skep dit ’n gevoel van angs tussen die inwoners.

Sal Divan uiteindelik die antwoorde kry waarna hy so naarstiglik soek...




Release Date: 15/4/2020
ISBN 978-1-928513-36-0
Book Name: Dwaalspoor
Author: Elizabeth Jordaan
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 119


Brenda Malan, ’n skrywer van reisverhale vir tydskrifte en ’n ywerige birder, verpas haar skip, die Blue Yonder, nadat sy op die eiland Darion, geleë in die Suid-Atlantiese Oseaan, van haar toergroep afgedwaal het. ’n Jong seun, Ben Taylor en sy hond Molly, kom tot haar redding en help haar om by die Port Bailey hawekantoor uit te kom.

Sy maak kennis met George Brennan, hawemeester, sersant Roy MacDuff en Billy Walker, assistent-hawemeester. Na ’n gesoek, kry sy blyplek by die Taylors. Bob Taylor (66), is ’n afgetrede landdros wat saam met sy kleinseun Ben, en sy huishoudster Phyllis Green, of PG soos sy bekend staan, in ’n imposante ou huis bly.

Brenda is vir elf dae op die eiland vasgekeer en sy besluit om in die tyd wat sy op die skip moet wag, agter stories aan rond te snuffel. Sy huur vir haar ’n bergfiets en Vrydagoggend ry sy en Ben met die fietse na Points' End toe. Hulle sien ’n seilskip wat vêr van die hawe voor anker lê. ’n Motorboot kom by die seilskip aan, maar hulle kan nie die boot se naam uitmaak nie.

Saterdagoggend gaan verken Brenda die eiland op haar eie. Sy sien hoe Billy Walker plastiekhouers by die Brennans se koelkamer indra. Sy liggaamstaal is vir haar verdag. Sy neem ’n paar foto's, min wetende dat sy, met haar nuuskierigheid, besig is om vir haarself groot probleme op die hals te haal.


Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 8/4/2020
ISBN 978-1-928513-34-6
Book Name: Komplot
Author: Kobus Pieterse
Category: Crime-Detective
RRP: R159

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 199

Na twaalf jaar diens besluit Inspekteur Jan Joubert dat die Polisiemag nie meer vir hom is nie. Hy werk sy gat behoorlik af, maar die skelms is vinniger uit die selle as wat jy kan sê mes. Die geregshowe is vrek vêr agter met hul sake en die polisiemag is daardeur gedemotiveerd. Elke dag word die publiek ontnugter met die nuus oor korrupte amptenare en hul bedrywighede.

Hy besluit om dit waarvoor hy die beste opgelei is, op ’n privaat basis te doen. Hy haat dit dat iemand na hom verwys as ’n ‘P I’ en kry vinnig ’n assistent genaamd Ogies om hom by te staan. Hy word genader om ’n vriend van hom wat verdwyn het, kort nadat hy ’n baie groot polis op sy lewe uitgeneem het, te soek. Is hierdie versekeringsbedrog of toeval?

Sy ondersoek neem hom na 'n buurland en sy paaie kruis met gewetenlose dwelmsmouse wat nie sal skroom om te moor nie.

Hy ontmoet ook 'n pragtige jong dame wat sy hormone behoorlik op loop het. Hy besluit dat sy die een is waarvoor hy tot nou toe gewag het.

Sy pad kruis dan ook met korrupte amptenare, in 'n mindere mate, en die dwelmsmouse se meelopers wil hom met alle geweld uit die pad hê. Gaan hy die KOMPLOT rondom sy vriend se verdwyning betyds ontrafel, of gaan die skelms hierdie rondte seëvier?


Malherbe Uitgewers Publishers Distributors





Release Date: 7/4/2020
ISBN 978-1-928513-02-5
Book Name: Leila
Author: Marsofine Krynauw
Category: Romance
RRP: R159

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 142

Leila Metzger – 'n jong argitek van Windhoek – en haar avontuurlustige vriende, besluit een aand om 'n braaivleisvuur hul volgende bestemming gaan Noord-Afrika wees. Leila is baie opgewonde, sy wou nog altyd die Saharawoestyn besoek en beleef. Daar is vir haar 'n soort mistiek aan al die stories wat mens hoor van woestynprinse in die middel van die woestyn met hul paleise en harems.

Hul avontuur begin weke later in Marrakesj. Leila, wie se belangstelling fotografie is, geniet elke oomblik en soos hul elke dag na 'n ander dorp beweeg, neem sy foto's.




Release Date: 7/4/2020
ISBN 978-1-928513-33-9
Book Anderkant die Einde
Author: Jessica Venter
Category: Romance
RRP: R90


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 113

Toe Maryna Joubert voor haar graad nege klas staan, trek een seun, Chris Greyling, haar aandag. Na haar seer egskeiding met Anton en die dood van hulle seun, Deon, het sy besluit om in Pretoria ʼn nuwe toekoms te begin maar met Chris wat haar so baie aan haar oorlede seun herinner, is dit moeilik om aan te beweeg. Toe Chris egter hulp nodig het met ekstra wiskundelesse, kan sy haarself nie help nie en bied hulp aan.

Maar Maryna en Wikus, Chris se pa, stamp koppe sommer al die eerste dag.

In die proses leer sy Wikus beter ken en verloor haar hart op hom. Maar selfs hy het ‘n seer verlede en klou nog vas aan sy oorlede vrou.

Hoe kan sy met ʼn spook kompeteer vir sy hart? Sy is so bang om weer te misluk en weer seer te kry. Dis eers toe sy met Anton vrede maak, dat sy besef haar ma se woorde dat daar anderkant die einde tog ʼn nuwe begin wag, waar is. Dalk, net dalk kan sy weer hoop, weer droom.




Release Date: 2/4/2020
ISBN 978-1-928513-30-8
Book Name: Viazma
Author: Margaret Barnard
Category: Romance/Mystery
RRP: R159

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 218

Dreigend staan die swart silhoeët in die verte met mis wat spookagtig uit die aarde trek. Viazma, 'n ou asylum, met al sy geheimenisse en wreedhede weggesteek in 'n diep donker woud.

Die tweeverdiepinggebou het honderde vensters wat dreigend na die woud staar. Rondom die gebou is geen gras of blomme nie, net strak swart grond en hier en daar 'n boom wat eensaam en uitgedroog staan.

Niemand mag weet van haar geheime nie. Wat alles binne haar bose hart aangaan nie.

As jy eers oor haar drumpel getree het en haar giftige asem in jou nek gevoel het, is daar geen uitkoms vir

jou nie. Soos legendes lui: As jy een oggend in Viazma opstaan en die bed langs joune is leeg – beteken dit nie die persoon is ontslaan nie…

Adult Afrikaans




Release Date: 1/4/2020
ISBN 978-1-928513-27-8
Book Name: Waar Fynbos Fluister
Author: Ina Cantoni
Category: Romance
RRP: R219

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 218

In hierdie boek vertel Ina Cantoni van Fynbosville, 'n klein dorpie, oënskynlik onbenullig, maar met onderstrominge wat mense lewens kan maak of breek.

Jennifer Krynauw, wat as gevolg van haar eie brandwonde 'n hospitaal bou om ander mense te help, se verlede het 'n groter letsel op haar hart gelos as in haar gesig.

Wat het in haar matriek jaar alles verkeerd geloop wat sy na vyf en twintig jaar in die oë moet kyk?
Hoe pas die legkaart inmekaar en hoe gaan dit almal se toekoms beïnvloed?

Sal dit help om die plate fynbos te vra vir die waarheid?

Die verlede haal almal tog een of ander tyd in…



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 31/3/2020
ISBN 978-1-928513-29-2
Book Name: In die Holte van Sy Hand
Author: Roeline Snyders-Ruiter
Category: Romance
RRP: R150

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 113

As die vrou van ‘n mynwerker in die Noord-Kaapse dorpie, Nababeep, word Anne gou in haar huwelik ontnugter. Haar seun se seksuele oriëntasie, haar dogter wat dislekties is, en ‘n man wat hom dronk drink en haar liggaam verniel, al hierdie dinge moes Anne verduur. Boonop voel dit vir haar asof die Here swyg ten spyte van Sy beloftes en sy sien geen hoop vir haar huwelik nie.

Die lewe is soms ‘n wrede leerskool, dit sal Anne en Stephan met die jare self uitvind, maar sal hulle betyds God se beskermende Hande sien ten spyte van hul eie pyn en seer?
Hierdie eg menslike verhaal laat ’n mens besef dat God se tyd nie ons tyd is nie. God se tyd, en ons tyd,

verskil. Waarom? Want God sien die hele plan, en ons – net 'n gedeelte daarvan.




Release Date: 30/3/2020
ISBN 978-1-928513-12-4
Book Name: Hoer van die Karoo
Author: Linda Rautenbach
Category: Drama/Tragi-comedy -SVL
RRP: R 239

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 274

Hoer van die Karoo is ‘n tipe drama, tragi-komedie. Dit gaan oor ‘n losbandige boeremeisie wat op 17 swanger raak en nie weet wie die kind se pa is nie. Dan loop sy weg van die huis af en reis deur verskeie Karoo dorpies waar sy of self verwoesting saai, of deel word van ander mense se verwoesting totdat sy uiteindelik ‘n stabiele man ontmoet wat haar lewe handomkeer verander.

Haar lewe is nie altyd maklik nie en elke nou en dan skemer haar rebelse streep deur. Omdat sy nie die kind kan verdra nie, gaan die boek ook oor die verhouding tussen ma en kind. Daar volg latere swangerskappe, drama en op die einde word die sirkel voltooi wanneer sy teruggaan om haar familie te gaan besoek.

Haar ma het haar destyds verag vir wat sy gedoen het en het in die proses haar familie van haar vervreem. Daar is baie drama & komedie maar ook heelwat lewenslesse.




Release Date: 30/3/2020
ISBN 978-1-928513-28-5
Book Name: Die Verlatenes
Author: Celeste Majcher
Category: Short stories
RRP: R 120

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 85

Tydens my jaar as tuis-sorg het ek na tientalle mense moes kyk. Sommige jonk, sommige oud, meeste totaal en al verlate. Elkeen het ‘n storie gehad wat hulle tog so graag wou vertel, en meeste van die stories was aangrypend hartseer en mooi. Hierdie boek is ‘n versameling van dertien van dié hartstories wat my die meeste opgeval het en altyd sal bybly. Sommige stories is gemaak om vertel te word.

Sommige stories is te belangrik om stil te hou. Die karakters in hierdie stories is reeds verlate. Dit sal ‘n sonde wees om hulle te vergeet.


Skrywer:
Celeste Majcher is ‘n volbloed Suid-Afrikaner, gebore en getoë in die mooie Mpumalanga. Sy woon tans in Edinburgh, Skotland, saam met haar Skotse man en

vyf kinders. Sy het ‘n honneursgraad in Sielkunde en om met mense te werk en te skryf was nog altyd haar grootste passies. Sy het voor haar tweede swangerskap vir ‘n jaar as tuis-sorg hulpverlener gewerk en haar hart op die ou mense en hulle triestige bestaan verloor. Dit was met hartseer dat sy van hulle moes afskeid neem voor die geboorte van haar dogter, en na nóg ‘n swangerskap, ‘n drieling die keer, was werk nie meer ‘n haalbare opsie nie. Sy is tans ‘n ma, vrou, tuisteskepper en vryskutskrywer.

English Translation – The Forgotten is also available.



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 3/3/2020<br>ISBN 978-1-928513-18-6<br>Book Name: Sedjutwani<br>Author: PG van Deventer<br>Category: Action<br>RRP: R179<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: 205 |

Suidwes-Afrika 1915. Heinz Jakobus Schulz, genoem Kobus, is ʼn jong offisier verbonde aan die 6de Afdeling van die Duitse Schutztruppe, gestasioneer in die eensame, woestynagtige wêreld van die verre noordooste van Duits Suidwes-Afrika.

Kobus se pa het met sy aftrede uit die Duitse weermag met beeste begin boer op gehuurde grond terwyl hy op soek was na ʼn plaas om te koop. Sy ma was ʼn Boere-nooi van die Vrystaat; haar hele familie het in die Anglo-Boereoorlog skermutselings en konsentrasiekampe omgekom. Beide is vermoor in die laaste stuiptrekkings van die Herero opstande in die vroeë Duits Suidwes-Afrika.

Terwyl meer as 2000 Duitse troepe hul wapens, ammunisie, kanonne en toerusting in die diep kant

van die Otjikoto-meer gooi, weier Kobus om daaraan mee te doen en vertrek hy in die vroeë oggendure met sy perd en wapens in die rigting van sy pa se ou plaasopstalle in die noordooste van Suidwes-Afrika. Met die ontdekking van sy afwesigheid stuur majoor Victor Franke ’n kaptein en ’n troep agter die deserteur aan. In die daaropvolgende konfrontasie wond Kobus die kaptein en neem hy hul wapens af.

Adjudant-offisier Rick Terblanche kom op Parkersrus aan, ’n gasteplaas in die middel van die Groot-Karoo, om weg te kom van ’n trauma wat hom byna sy lewe gekos het. Hy is ’n hondehanteerder, maar sy hond, Ruben, skep ’n wesenlike probleem omdat Amy Parker, die meisie in beheer van die gasteplaas, doodbang is vir honde. Dit kos heelwat oorreding van Rick om haar te laat instem dat Ruben daar mag bly.


Na slegs ’n kort rukkie, weet Rick dat Amy die vrou is wat hy wil hê, maar Amy het al vantevore seergekry en sy is nie bereid om so maklik te vertrou nie. Rick weet wat hy wil hê en daar is ’n hewige chemiese reaksie tussen hulle waarteen Amy nie bestand is nie.

Rick is ’n stadsmens... Amy ’n plaasmeisie. Dit dreig om enige moontlike verhouding in die kiem te spoor.

Rick het egter groter probleme as om net vir Amy te oortuig dat hulle saam ’n toekoms kan hê, want die rustigheid daar in die Karoo word ernstig bedreig deur ’n gewetenlose sindikaat wat nie gaan toelaat dat iemand in hulle duiwelspad kom, nie.
Gaan Rick en Amy al hierdie probleme kan oorbrug?



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 02 Jul 2019
ISBN 978-1-928512-29-5
Book Name: Anderkant Weerbegin - Ina Cantoni
Author: Ina Cantoni
Category: Romance
RRP: R213

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 175

In die Angolese oorlog is Portugese boere se lewens nie ’n sakkie aartappels werd nie. Kubane moor en roof en die vêrafgeleë plase word geplunder.


Grace oorleef die ergste aanval op haar gesin. Sy vlug – swanger en met haar driejarige dogtertjie.
Vier Suid-Afrikaanse soldate kry haar, verhonger en uitgeput en help haar tot in Suidwes-Afrika.

Hier skei hul paaie en die enigste mense wat sy leer vertrou moet terug Angola toe. Vrou alleen, sonder heenkome, geen familie of besittings gaan sy moedig voort.

Grace verloor alles, maar sal die uiteinde vir haar geluk bring?

Miskien ANDERKANT WEERBEGIN?

Adult Afrikaans




Release Date: 30 Jun 2019
ISBN 978-1-928512-28-8
Book Name: Grassade - Margaret Barnard
Author: Margaret Barnard
Category: Romance
RRP: R155

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 117


Kom saam met Lara op haar Sabbatsreis vol herinneringe van haar kinderdae. Moeilike tye wat sy nooit gedink het sy gaan oorleef nie. Soos die aande wat sy en haar sussies moes vlug en in mense se tuine wegkruip om weg te kom van hulle pa se geweld wanneer hy gedrink is. Hierdie is tye wat sy met alles in haar vermoë eerder uit haar gedagtes sou wis.

Maar daar was ook wonderlike tye wat sy by haar liefste ouma en oupa spandeer het, die enigste plek waar sy veilig en geborge gevoel het.

Dan kom die noodlot weereens en ruk haar voete onder haar uit. As jong vrou en ma moet sy steeds saans vlug en wegkruip vir die geweld wat so na haar bloed soek.

Wanneer haar jongste op ’n punt kom waar hy nie meer kans sien om te lewe nie, word ook haar rowe afgeruk en is dit tyd vir ernstige introspeksie.

Gaan Lara ook na verkeerde uitweë soek in die lewe, of gaan sy iewers haar lag terugkry?




Release Date: 25 Jun 2019
ISBN 978-1-928512-33-2
Book Name: Die stil pad - Tina Jooné
Author: Tina Jooné
Category: Memoir - Disability
RRP: R229


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 191

Die lewenservaringe van ‘n dowe persoon.

Kom stap vandag saam met my na 'n kykie  in die lewe, die lesse, die ondervindinge van 'n dowe mens.

Die skommelings vir aanvaarding. Die frustrasies. Die tekort aan selfvertroue. Die stryd met jou selfbeeld. Die verleentheid. Die stille hartseer. Die tye van moedeloosheid. Die eensaamheid. Ek wil mense nooi en betrek. Raad uitruil hoe om die lewe vir n dowe geliefde makliker te maak. Ons te ondersteun. 'n Dag saam in ons skoene te loop. Maar OOK om ons ANDER talente...ons vreugde...ons dankbaarheid en selfs die lekker lag oomblikkies te deel. Want soos die bekende spreekwoord lui: "waar die een deur toe gaan, gaan 'n ander deur oop." Met Christus in ons lewe SAL daar ALTYD lig wees op hierdie pad. Hy gee krag vir elke dag. Hy leer ons dat

elke stukkie kleiwerk, hoe krom en skeef ook al, vir Hom 'n meesterstuk isDie skommelings vir aanvaarding. Die frustrasies. Die tekort aan selfvertroue. Die stryd met jou selfbeeld. Die verleentheid. Die stille hartseer. Die tye van moedeloosheid. Die eensaamheid. Ek wil mense nooi en betrek. Raad uitruil hoe om die lewe vir n dowe geliefde makliker te maak. Ons te ondersteun. 'n Dag saam in ons skoene te loop. Maar OOK om ons ANDER talente...ons vreugde...ons dankbaarheid en selfs die lekker lag oomblikkies te deel. Want soos die bekende spreekwoord lui: "waar die een deur toe gaan, gaan 'n ander deur oop." Met Christus in ons lewe SAL daar ALTYD lig wees op hierdie pad. Hy gee krag vir elke dag. Hy leer ons dat elke stukkie kleiwerk, hoe krom en skeef ook al, vir Hom 'n meesterstuk is




Release Date: 18 Jun 2019
ISBN 978-1-928512-31-8
Book Name: n Emmertjie Manna - Roeline Snyders-Ruiter
Author: Roeline Snyders-Ruiter
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 101

Magriet is ʼn plat op die aarde, goedgelowige vrou wat net haar man tevrede wil stel en haar Here wil dien.

Haar man is die teenoorgestelde. Weerbarstig, ongelowig en nie een wat maklik sy gevoelens wys nie. Willem vertel haar gedurig hoe dom en oningelig sy is en dat sy haar op haar plek moet hou.

Magriet was nog nooit verder as die grense van die klein Noord-Kaapse dorpie, Gladkop nie. Die weeklikse samekoms met haar Vrouediens groepie is die hoogtepunt van haar bestaan, want daar voel sy dat niemand neerkyk op haar eenvoud nie.


Dan kom haar kans om Gladkop se grense oor te steek. Willem laat haar gaan, maar is glad nie ingenome met sy

vrou se planne nie. Die onrus oor Magriet bly saam met hom agter.

Op Magriet se reis gebeur daar dinge met haar wat sy nie voorsien het nie. Maar God se weë is nie ons weë nie, Hy gebruik mense en situasies om Sy mense terug na Hom te draai.

Willem het op die harde manier geleer dat God se Genade soos ’n emmertjie manna is. Manna uit die hemel. Net ’n emmertjie vol is genoeg vir een dag. Hy sê: Ek sal julle weer môre gee…

Adult Afrikaans




Release Date: 17 Jun 2019
ISBN 978-1-928512-24-0
Book Name: Storms van liefde - Amanda Pio
Author: Amanda Pio
Category: Romance
RRP: R90


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages:

Elsabé en Marnus se verhouding begin toe hy haar saamnooi plaas toe.

Vanaf die begin word misverstande tussen hulle, hul grootste vyand. Sy raak lief vir hom, tog wil sy nie haar vryheid prysgee nie.

Hulle paaie skei totdat die noodlot hulle, deur omstandighede buite hul beheer, weer saamgooi op haar broer se plaas.

Kan 'n ongeluk, waar die sy die dood in die oë moet kyk en hulle liefde vir mekaar, hul weer herenig?




Release Date: 11 Jun 2019
ISBN 978-1-928512-27-1
Book Name: Dagbreek - Maruanda Wynne
Author: Mauanda Wynne
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages:

Bianca van Wyk, 'n joernalis wat tans werk as regsbibliotekaresse by een van die grootste regspraktyke in die stad. Sy verpes elke oomblik van haar werk. Advokaat Pieter van Reede van Oudsthoorn, neem haar bykans elke aand uit vir ete en oorlaai haar met duur handsakke en parfuum. Hy doen sy bes om die koppige Bianca te vorm in die beeld wat hy van ‘n vrou het wat by hom behoort te pas.

Na 'n impulsiewe werksaansoek aanvaar Bianca die geleentheid om as feeskoördineerder na die Karoodorp, Albertsrus te verhuis. Sy smag na die onopgesmuktheid en ooptes van die Karoo.

Sy en Stefaanskat bly in die tuinwoonstel van Stefan Marais. Die dorpenaars ontvang haar met agterdog

wanneer sy met die fiets, wat Stefan gesê het sy mag gebruik, rondry.


Liefde was nie haar motivering om Karoo toe te trek nie, maar een ontmoeting met Stefan en die koeël is deur die kerk, vir Bianca en Stefaanskat.

Voel Stefan ook so, en hoe hanteer hy Pieter se ongenooide besoek?



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 10 Jun 2019
ISBN 978-1-928512-25-7
Book Name: Duineprinses - Franciska Mouton
Author: Franciska Mouton
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages:

’n Diep seerkry het gemaak dat Jacques Louw alles op Rietput net so agterlaat en vyf jaar in die Sahara woestyn nesskop. Die Sahara is groot en ongenaakbaar. Net die dapperste onder die dapperes oorleef daar. Tussen die duine en woestynmense, vind hy heling vir sy gefolterde siel. Verlange, en die veiligheid van sy geliefde Arabiese hings, dryf hom egter terug na sy geboortegrond in Suid-Afrika.


Terug op Rietput word Jacques geteister deur drome oor die Sahara. Dit vat hom na die Oase van Shakira waar ’n meisie met koringblonde hare en lippe wat granaatrooi glinster agter ’n liggroen sluier sy kop en hart deurmekaarkrap.

Hy skrik een oggend wakker met die reuk van wierook en eksotiese parfuum in sy neus. ’n Stringetjie silwer klokkies lê op die mat en ’n stukkie groen materiaal onder sy bed. Is sy prinses van die duine ’n droom, of werklikheid?

Drie jaar later word sy ma ontvoer. Die losprys; sy pikswart hings. Dit dwing hom terug op die spore wat hy geloop het in die Sahara; waar die een na die ander verassing op hom wag, én die leser se tone laat krul van die lekkerte.


Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 07 Jun 2019
ISBN 978-1-928512-18-9
Book Name: Omnibus 5 - Sonja Brown, Bets Koen, Elizabeth Jordaan (3 Novelle Bundel)
Author: Sonja Brown,
Bets Koen,
Elizabeth Jordaan
Category: Romance
RRP: R213

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 197


Re-Release

"Boeke is die nalatenskap van 'n groot gees aan die mensheid, wat van geslag tot geslag oorgelewer word as geskenke aan die ongeborenes."

~ Joseph Addison

Kom deel in die verhale van Baron Bart, Tulpe vir Talina en Familiegrond. Beleef 'n nalatenskap wat die skrywers aan die lesers gee.

(Die wenverhale in ons skryfkompetisie)




Release Date: 29 May 2019
ISBN 978-1-928512-17-2
Book Name: Veldkornet wat sê jy - Johan Heyns
Author: Johan Heyns
Category: Military
RRP: R161

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages:

Die Unieregering het in 1920 drie militêre eerbewyse ingestel het uit erkentlikheid aan diegene wat tydens die Anglo-Boereoorlog aan Boerekant geveg het. Die Dekoratie voor Trouwe Dienst vir offisiere, die Anglo-Boereoorlog medalje, asook die Lint voor Wonden. Verskeie bekende Boereleiers het van hierdie toekennings ontvang. Genls Smuts, Botha en de la Rey, alhoewel Botha en de la Rey reeds oorlede was.

Aan Generaal CR De Wet-Bevelvoerder van die Vrystaatse magte; Generaal CF Beyers- voorsitter tydens die Vredes samesprekings in Vereeniging; Generaal JBM Hertzog- onder leier van die Vrystaatse magte, is geen militêre eer bewyse vir die Anglo-Boereoorlog toegeken nie. Hierdie is 'n eerbewys aan hulle en ander; met woorde om hulle te bedank vir hulle diens aan ons volk.


Die vryheids-ideaal en onafhanklikheid van, word treffend deur die woorde van die Vrystaatse volkslied verwoord:

Sing burgers, die lied van vryheid
En sing van ons eie volksbestaan
van vreemde oorheersing vry
Ons klein gemeenskap
is op orde, wet en reg gevestig
Ons het 'n plek tussen die state
Ons het 'n plek tussen die state



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 29 May 2019
ISBN 978-1-928512-23-3
Book Name: Die liefde oorwin alles - Pieter Schuurman
Author: Pieter Schuurman
Category: Romance
RRP: R152

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 114


Die liefde oorwin alles is ʼn kortverhaal- bundel propvol lekkerlees stories.

Marna verloor haar sig in ʼn ongeluk en die enigste hoe sy haar sig kan herwin, is deur oorplantings van die korneas, maar die kanse is skraal dat sy ʼn geskikte skenker sal kry. As liefde aan jou hart kom klop, sal jy werklik alles doen, selfs jou oë gee sodat jou geliefde weer kan sien?

Dit is Vrydag. Jan Wil sy kop gaan skoonmaak by die viswaters na ʼn gewelddadige verhouding. Hy het ʼn paar weke gelede besluit om eerder alleen te wees as om deur kolkende emosies vernietig te word.

Floors word in ’n vreemde bed wakker en besef hy is gestrand nadat hy ’n slagoffer van ’n roof was en al wat hy wil doen, is om by sy geliefde Karina uit te kom.

So het elkeen van die 19 verhale hul eie unieke karakters wat hulle soms in ongemaklike situasies bevind en beleef die leser elkeen se lief en leed.

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 10 May 2019<br>ISBN 978-1-928512-16-5<br>Book Name: Mesmoordenaar - Pieter Schuurman<br>Author: Pieter Schuurman<br>Category: Thriller<br>RRP: R90<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: B6<br>Pages: |

’n Geslepe moordenaar is daarop uit om baas-speurder, Roelf la Grange, of beter bekend as Okapi, te laat kopkrap. Met elke bloedige moord wil dit voorkom asof die moordenaar hom een of twee stappies voor is wanneer die een moord na die ander gepleeg word.


Die keer blyk dit egter asof die moordenaar ’n persoonlike vendetta teen Okapi het. Sy gesin is in die spervuur en hy moet bontstaan om hulle veiligheid te verseker. As bekende baas-speurder, wat al menige moordsake opgelos het, moet hy al sy kennis en ervaring inspan om te verseker dat hierdie skisofreniese moordenaar in die selle beland. Die ope vraag is: Wie is die skuldige en waarom word Okapi se gesin geteiken? Gaan sy kennis en ervaring genoeg wees om hierdie monster vas te trek?

Alhoewel dit hom maande neem om al die los drade op te tel, identifiseer Okapi die misdadiger. Met behulp van sy kollegas eindig die sadis wat ses onskuldige vrou se lewe geëis het agter tralies en is sy gesin se veiligheid verseker.

Kom ons kyk wie was die skuldige.


Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans





Release Date: 26 Apr 2019
ISBN 978-1-928-41356-1
Book Name: Met die haan gepla en ander kortverhale - Sonja Brown
Author: Sonja Brown
Category: Humour
RRP: R179

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 173

"Die een wat daai haan kan vang, kry 'n splinternuwe honderd rand noot," het oom Gysie belowe.
'n Honderd rand! Dit was darem baie geld, het sy vrou, tant Ella, gemor. En dit net om van 'n kraaiende ergernis ontslae te raak…

Peet en Karel hou dringend vergadering onder die heining in die veld. Dit was hulle plig om vir oom Gysie by te staan. Vir volk en vaderland, vir Kareedouw, en een honderd rand, natuurlik. Die haan wat ter sprake is, behoort nie eintlik aan iemand nie, dus kan hulle nie vervolg word vir diefstal of saak-beskadiging as hulle die kekkelbek sou kon vasvat nie. Só sê Peet se polisieman pa...

Adult Afrikaans




Release Date: 15 Apr 2019
ISBN 978-1-928512-10-3
Book Name: Sending: Woestynwolf - Franciska Mouton
Author: Franciska Mouton
Category: Action
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages:

SENDING WOESTYNWOLF speel af in die verre Noorde van Afrika.

Inwoners van klein dorpies word aangeval en verwoesting word gesaai deur ’n groep bende wat bekendstaan as die Woestynwolwe. Een van die mediese tente word gebombardeer; twee dokters en ’n verpleegsuster wat diens verrig as: Dokters Sonder Grense, word ontvoer.

Die Weermag stuur ’n span van die Spesiale Magte om die bende vas te trek en die genadelose plundering van besittings en lewens te beëindig. Kaptein Gustav Minnaar en sy manskappe bevind hulle binne-in ’n nes van dwelm- en mensehandel.


Gaan kaptein Minnaar en sy span daarin slaag om die bende vas te trek en die persoon wat agter hierdie gruweldade sit, ontmasker? Gaan hulle die ontvoerde dokters opspoor? Gaan almal lewend uit hierdie verbete stryd tree?

Binne die omslag van SENDING: WOESTYNWOLF lê al die antwoorde. Die verhaal is gelaai met spanning en baie aksie, asook 'n tikkie humor en 'n ou liefde wat, ten spyte van die stryd teen gewetenlose plunderaars, dalk weer kan opvlam.

Maak jou maar klaar vir 'n paar asem-ophou-oomblikke...



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 10 Apr 2019
ISBN 978-1-928512-09-7
Book Name: Die Perfekte Trofee - Ina Cantoni
Author: Ina Cantoni
Category: Aksie
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages:

B6 - DIE PERFEKTE TROFEE, hou die leser vanaf die eerste bladsy op die punte van hulle stoele.

Speursersant Wilburt Winterbach sit met ’n reeksmoordenaar ophande. Daar is reeds vier lyke, waarvan die borste en ooglede verwyder is. Die enigste leidrade sovêr; is vier lipstiffiedoppies – almal van dieselfde handelsnaam – en die notas wat die moordenaar elke keer aan Wilburt persoonlik stuur, so asof daar met die speursersant siek speletjies gespeel word.

Wilburt kry waardevolle inligting. Die moordenaar word vasgetrek en gearresteer, maar terwyl Wilburt die meisie van sy hart vra om te trou, kry hy nog ’n nota van die moordenaar wat lees: Geniet jou verposing, Winterbach.


Ek is nie in die tronk nie. Word wakker. Terloops, sy is baie mooi!

Die nota maak hom bekommerd, dit klink na 'n duidelike waarskuwing. Is sý Sonnet op die moordenaar se moordlys, dalk sy volgende slagoffer? Hoe de ongeluk het dit gebeur dat die verkeerde verdagte gearresteer is?!

Gaan die moordenaar betyds ontmasker word, of eindig speursersant Winterbach se lewe in 'n tragedie?



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors


| | |
|---|---|
|  | Release Date: 31 Mar 2019<br>ISBN 978-1-928512-06-6<br>Book Name: Genees deur Liefde - Jessica Venter<br>Author: Jessica Venter<br>Category: Romance<br>RRP: R90<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: B6<br>Pages: 139 |

| |
|---|
| Christine kry 'n groot kontrak as argitek by 'n hospitaal se aanbouings by die kankerafdeling. Sy is opgewonde oor die nuwe projek, want dit kan haar naam in die bedryf bevestig.<br><br>So leer ken sy vir Albert, een van die hartspesialiste by die einste hospitaal. Hoe meer tyd hulle saam spandeer, hoe harder val sy vir hom. Tot die noodlot haar tref en sy met leukemie gediagnoseer word.<br><br>Haar geloof wankel en sy sluit Albert uit, om sy gevoelens te spaar. Maar toe sy 'n anonieme skenking vir beenmurg kry dit haar lewe red, besef sy dat haar geloof in haar Hemelse Vader se liefde haar deurgedra het. |

Sy het egter nie rekening gehou met Albert se gevoelens vir haar nie en hy stap die pad saam met haar. Totdat Lukas, Albert se broer, 'n vlieg in die salf word en hulle geluk in die weegskaal hang.

Is Christine en Albert liefde sterk genoeg om nie net leukemie te oorleef nie, maar ook die storms wat die lewe oor hulle gooi?

Adult Afrikaans




Release Date: 31 Mar 2019
ISBN 978-1-928512-04-2
Book Name: Die Skildery - Ria Richards
Author: Ria Richards
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 109

Marna Maree werk tydelik as tikster in Weideman Regsdienste se kantoor in die plek van een van die dames wat dringend vir drie maande verlof moes neem. Haar eerste ontmoeting met Advokaat Hanno Weideman, haar uiters aantreklike baas en vrygesel, loop uit op ’n fiasko toe sy hom aansien vir die tegnikus wat die steeks drukker kom herstel.


Hulle toevallige ontmoetings daarna, verloop ook glad nie na wense nie. Veral toe sy haar vriendin en woonstelmaat, Tessa, uithelp met ’n funksie en Hanno haar in die luiderdpakkie uit ’n vernederende situasie moes red.

Om te skilder is haar passie. Sy aanvaar Hanno se aanbod om drie dieretonele te skilder vir sy kantore. Op pad na

haar ouers se wildsplaas, die enigste plek waar sy haar kan uitleef in haar skilderkuns, oorverhit haar karretjie. Nadat sy amper omgery word deur ’n lummel in ’n bakkie wat sy probeer stop om haar te help, skakel sy ure later vir Hanno. Hy is nou haar laaste uitweg.

Toe sy haar kom kry, is hulle besig om te soen. Hanno laat dit klink asof die soenery niks is nie, eintlik ’n fout, maar dis nie hoe sý dit ervaar het nie. Vir haar was dit ’n hart-stop-oomblik. Of is sy maar net naïef?

Adult Afrikaans




Release Date: 26 Mar 2019
ISBN 978-1-928512-03-5
Book Name: Rede om te glo - Johan van der Merwe
Author: Johan van der Merwe
Category: Memoir
RRP: R231

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 247

Die skrywer neem die leser saam met hom op sy lewensreis. ’n Ongelukkige kinderlewe, waar drankmisbruik en huismoles hooggety vier, het hom op ’n jong ouderdom reeds ingetrek in die donker wêreld van die dagga- en dwelm kultuur.

Deur ’n wonderwerk verskyn Jesus in sy lewe. Die vrede wat hy ondervind kon geen dwelm hom nog ooit gee nie en hy was werklik op ’n goeie plek, vir die eerste keer in sy lewe. Weereens het hy weggevlug van God, terug na die agterstrate van Kaapstad waar bendebedrywighede aan die orde van die dag was. Vasgevang in ’n dwelmhel tussen die Rokers en die Hippies van die laat sestigs en sewentigs.


Na talle botsings met die gereg, beland hy op die ou einde in apartheidsjare se Weermag rehabilitasiesentrum wat moontlik een van die ergstes ter wêreld is. Deurentyd was hy bewus van God se teenwoordigheid wat op verskeie maniere aan hom ge-openbaar word.

A5 247 bladsye

Na baie jare van dwelmverslawing en gewikkel in 'n stryd met homself, word die kettings verbreek. 'n Moeder se gebede is verhoor. Johan word uit die duisternis van verwarring weggeruk. Hy is vry!

Hierdie is 'n lewensreis wat die skrywer met die wêreld wil deel om mense bewus te maak van Jesus se wonderlike krag. God se Woord bring genesing en verlossing van enige verslawing en 'n REDE om te GLO.


Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 22 Mar 2019
ISBN 978-1-928512-02-8
Book Name: Boerseep en Brakwater - Jasper Nieuwoudt
Author: Jasper Nieuwoudt
Category: Humour-short stories
RRP: R289

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages:


STORIES OOR ’N LEKKER JOB, JAKKALSJAG, TESTAMENTE PERSOONSKAARTE, HOLGOED, OPSIGTERS EN KLOMP ANNER GOETERS. En oor unieke mense en unieke dinge wat sorg vir unieke stories
Die titel van die boek: "BOERSEEP EN BRAKWATER" gee erkenning aan twee lewensnoodsaaklikhede waarmee Namakwalanders noodwendig in my tyd moes klaarkom. Daar is, behalwe die mooi Afrikaans wat daar uit die hart (en nie die teksboek nie) gepraat word, nog dinge wat eie aan Namakwaland is. Twaksboom, kraalbos, oostewind en gousblom is 'n paar, maar boerseep en brakwater het hul eie storie en karakter.
In kort kom dit daarop neer dat boerseep ons enigste kosbare selfgemaakte skoonmaakmiddel was. Jouself,

jou klere, jou huis, alles is daarmee gereinig. Dit is in 'n spesiale groot pot, 'n seeppot, gekook met die vet van diere wat gemeng is met die as van die blou gannabos of inkbos, genaamd "asbos". Dit was nog voor die tyd van kostjiesoda ("caustic soda" wat aangekoopte bytsoda is) wat later van tyd die loog en skeidingsmiddel was. Die seep is in ewewydige stene uitgesny, gedroog en vir latere gebruik weggebêre op 'n solder of 'n ander veilige plek. Dit was laaaank voor die tyd van gegeurde of standaard winkelseep, in ons taal genoem "lekkerruikseep".

Brakwater gee homself weg. Die enigste vars waterbron was reënwater wat in "tinke" (watertenks) opgevang is.

Omdat dit ongereeld en min reën, moes die varswatertjies uiters spaarsamig gebruik word. As 'n stout kind met die tenk se kraan sou peuter en die water loop uit, was dit soos dood in die familie. Brakwater was ons ding. Daarmee is kos gemaak, jou dors geles, koffie gemaak, wasgoed gewas en daarmee het jy jouself saam met boerseep gereining. Koffie wat met brakwater gemaak is, het 'n besonder lekker smaak. Tee wat daarmee gemaak is, smaak aaklig. Daarvoor moes die water neutvars wees. As die reënwatertink leeg was, was daar nie tee nie. Nouja, die stories wat ek vervolgens vertel, word dan

respekvol opgedra aan hierdie twee onontbeerlike elemente in my vormingsjare.
As ek, soos my vrou, nie 'n Namakwalanner was nie, sou ek nie van boerseep en brakwater geweet het nie.




Release Date: 20 Mar 2019
ISBN 978-1-928415-99-2
Book Name: Griet se Kruis - Johannes Majiedt
Author: Johannes Majiedt
Category: Romance
RRP: R92

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 126

Johannes Majiedt is ’n radio-omroeper by Nfm 98.1 in Namakwaland. Die mishandeling van vroue is vir hom ’n baie ernstige saak. GRIET SE KRUIS is ’n fiktiewe verhaal gebaseer op die werklike lewe van die samelewing rondom die skrywer. Dit is ’n noodroep teen die seermaak, teen die kwaad.

Griet is doodgewoon soos ek en jy. ’n Plat-op-die-aarde-mens. Sy moes vroeg reeds op haar eie bene staan. Sy het nie ouers geken nie en het as jongmeisie haar toekoms begin in plaaskombuise. Griet het soos enige vrou, ’n droom van liefde gekoester. Haar ridder op die wit perd sou opdaag, want sy het geglo daar was ook vir haar ’n man gebore.


En toe op ’n dag, daag Kain op. Sy was dadelik smoorverlief met ’n jubellied in haar hart. Maar Kain het na twee jaar sy ware kleure begin wys en die liefdeslied het gestop. Met haar babadogter, Bella, vat Griet die pad en beland op die plaas Vredebegin.

Op Vredebegin het sy later jare veilig gevoel. Dis waar sy Nikodemus ontmoet en weer liefde gevind het, maar die vreeslike dinge wat met haar gebeur het, gebeur nou met Bella. Die wonde wat Kain toegedien het, en die wrede lot wat Bella getref het, het ’n diep letsel gelos.

Griet se pad, oor Eden, Vredebegin en Herrie Strandloper-woonbuurt, was ’n seermaakpad. ’n Kruis wat sy moes dra.



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 16 Mar 2019
ISBN 978-1-928415-81-7
Book Name: Gulpflerrie en ander Seksstories - Anna-Marie Koen
Author: Anna-Marie Koen
Category: Erotica
RRP: R275

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 184

Anna-Marie Koen is in Worcester gebore; sy was die grootste deel van haar kinderlewe in Caledon woonagtig.

Daarna (vanaf St.8) was sy weer in Worcester.

Sy het in 2015 opgehou praktiseer as sielkundige na 25 jaar in ’n privaat praktyk. Sy het begin skryf aan haar debuutboek, “Gulpflerrie”. Dit is seks stories, gebaseer op ware fantasieë van professionele vroue.

Na onderhoude met professionele vroue gevoer is oor hulle seks fantasieë, kom sy tot die gevolgtrekking:

Die drie boustene van ’n suksesvolle verhouding is liefde, vertroue en kommunikasie. Gulpflerrie skep vir paartjies die geleentheid om spontaan oor hulle seksuele


behoeftes te kommunikeer. Seks is ’n belangrike aspek van enige gesonde verhouding. Paartjies met ’n goeie sekslewe is gewoonlik gelukkiger en voel nader aan mekaar as ander paartjies. As vroue meer fantaseer oor seks en mans meer ingestel raak op hulle maats se seksuele bevrediging, sal almal meer liefde WIL maak.

In Gulpflerrie word ook lewenslesse aan die leser deurgegee, soos in “Thaise vakansieklimaks:” ‘Only when you are no longer afraid, you can begin to enjoy life” en Kahlil Gibran: “Wanneer die liefde roep, moet jy dit volg.”



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 26 Feb 2019
ISBN 978-1-928415-94-7
Book Name: Oor grense heen - Ina Cantoni
Author: Ina Cantoni
Category: Romance
RRP: R206

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 229

Die Nagels is ’n gemiddelde blanke gesin wat op ’n kleinhoewe woon. Die Khumalo’s, ’n uiters welgestelde gesin in die nuwe Suid-Afrika. Gladys is verbitterd, selfs omdat Justin, haar seun, ’n dokter geword het.

Dokter Justin Khumalo is aan diens as die ambulans met die Nagels by ongevalle aankom. Hy deel bevele uit en staan terug om die erg beseerde gesin op te neem. Vir hom is dit pasiënte, mense sonder kleur.

Vroeër vanaand was hy en sy moeder by die opvoering waar Celest Nagel die orkes gelei het. Justin wou die uiters begaafde jong pianis sien optree.

Gladys het saam met hom gegaan om net een rede: omdat sy mag. As swart vrou mag sy in die konsertsaal sit wat in haar kindertyd net vir blankes bedoel was.


In sy agterkop sien hy haar nog buig voor die dawerende gehoor. Hoekom dan die byna waansinnige vrees as sy na hom kyk?

Wat gaan gebeur tussen Justin en Celest, haar ouers en sy voorouers? Kan die kleurskeidslyn verskuif en is daar 'n toekoms OOR GRENSE HEEN?



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 25 Feb 2019
ISBN 978-1-928415-95-4
Book Name: Lolla se storie - Roeline Snyders-Ruiter
Author: Roeline Snyders-Ruiter
Category: Romance
RRP: R92

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages:


Lolla Morton het groot geword op die bende geteisterde Kaapse Vlakte. Haar ouers is tik-verslaafdes, maar Lolla het al vroeg besef dat sy beter van die lewe wil hê. Haar geleentheid kom dan ook, maar saam met haar nuwe lewe moet sy baie dinge opoffer. Sy word vervreemd van haar ouers, want hulle pas nie in haar nuwe lewe in nie.

Dat die lewe nie regverdig is nie, besef sy gou wanneer sy uitgewerp, verstoot en mishandel word. Sy beland in ‘n Noord-Kaapse dorpie, alleen, honger en met geen heenkome nie. Vrees verander later in haat wat haar hele wese inneem.

Maar dan gebeur iets wat haar dwing om terug te gaan na die plek van seerkry. Met ’n hart vol haat het sy

gegaan, maar sy het nie God se planne met haar in berekening gebring nie.

Vorige publikasies deur Roeline: Optelgoed is hougoed (Kortverhale bundel)




Release Date: 19 Feb 2019
ISBN 978-1-928415-77-0
Book Name: Die wel en wee van die Maanse - Adriaan Louw
Author: Adriaan J Louw
Category:
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages:

'n Kolos van ysters, hefbome, kabels en toring, wat byna te swaar is vir die 1948 drieton Chev lorrietjie, sukkel aan van plaas tot plaas. Wanneer hy by die plek, wat die waterwyser aangedui het aankom, parkeer die boorman die lorrie met sy agterkant regoor die gemerkte kol op die grond. Hy laat sak die domkragte, en met behulp van sy waterpas sorg hy dat die masjien honderd persent gelyk staan, sodat die gat nie skeef geboor word nie. Wanneer hy tevrede is, “start” hy die Deutz enjin, trek ‘n hefboom en die boortoring lig stadig op, totdat dit in die vertikale posisie staan.




Release Date: 13 Feb 2019
ISBN 978-1-928415-50-3
Book Name: lig jare - Deon Bosman
Author: Deon Bosman
Category: Humour - Short stories
RRP: R247

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 226

Deon Bosman bring ‘n andersheid na die leser met sy bundel verhale: lig jare. Hierdie is nie sommer net ‘n gryp-en-lees-boek nie, nee, jy gaan jouself bederf met ‘n goeie wyn, skoene uitskop en ontspanne sit en elke woorde geniet wanneer jou lewe ‘n bietjie humor vra.

Die voorblad is uniek, Deon het homself en sy Beryl geteken en ook dra hy die bundel aan haar op,
vir beryl ………………. oorlat jy saam my is


Leon van Nierop skryf dan ook in sy resensie die volgende:

Die stories, in persoonlike waarnemingsvorm geskryf, is anders, dikwels uitdagend, meestal prikkelend en soms aweregs met ‘n klein bietjie moedswil wat dit uitgesproke en onhebbelik plesierig maak.

Die gedagtestroomtegniek en die informele skryfstyl maak dit oorspronklik, kwistig en nuut. Sinisme, ‘n soort nihilisme en op ander plekke weer ‘n meer hartlike, ook driftige styl gee aan die manuskrip ‘n onverskrokke en vreeslose aanslag.

Leon van Nierop

Adult Afrikaans




Release Date: 18 Jan 2019
ISBN 978-1-928415-84-8
Book Name: Jaar van Skandes - AnnMaree Barry
Author: AnnMaree Barry
Category: Romance-Lesbian
RRP: R260

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 177

A5
AnnMaree beeld in die boek uit van hoe ‘n jong meisie se soeke na ‘n lewe waarvan sy geen kennis dra, en waar sy veroordeel gaan word deur die kerk, gemeenskap en haar ouers.

Is gay wees ’n gier? Bid ’n mens dit weg, of word ’n mens so gebore? Dit is van die vrae waarmee Petra worstel.

Boonop sukkel sy om haar boetie se dood, en haar liefling-oupa, Gert, se deurmekaar Alzheimer’s gedagtes te verwerk.


Sy berispe haarself gedurig en hou haar ‘skeefheid’ goed intoom, maar ook net tot Simoney Verwey op Geduld

kom intrek. Petra begin verbete spartel om tot elke prys die gevoelens wat sy vir Simoney het, weg te steek.

Op ’n klein dorpie soos Barrydale word ‘moffies’ nie goed ontvang deur die kerk, die gemeenskap, haar skool en veral deur die dorp se afgod dominee nie.

Dit lyk vir Petra asof sy al dié water in ’n mandjie kon dra, toe kom Simoney met haar groot blou oë en vertel vir Petra: “Ek is lief vir jou.”

Uitstekende boek om te lees en saam met Petra deur al die emosies te gaan.




Release Date: 07 Dec 2018
ISBN 978-1-928415-69-5
Book Name: Nagmaal en die Engelsman - Henrik Böth
Author: Henrik Both
Category: General-short stories
RRP: R114

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 247

Nagmaal en die Engelsman is ʼn versameling uiteenlopende kortverhale, geskryf in verskillende tydvakke.

Hans was ʼn grootman. Nou is hy ʼn sak bene wat uitgeteer wag om die Hiernamaals in te gaan. Santie se hartseer en pyn lê diep. Bring sy afsterwe vir haar vrede?

Fielies verstaan nie so lekker die dinge van die grootmense nie. Veral nie die gebeure rondom die nuwe konstabel op die dorp nie.

Jy staan op die lughawe, hou mense se reaksies dop wat vir hul geliefdes wag. Maar hoe gemaak as jou perfekte romantiese ontvangs, tot ʼn skudding in jou konserwatiewe fondament lei.

Ons almal is maar net mens. Maak ons foute, betaal ons duur vir ons foute, maar wat gebeur as ’n gesiene man in die gemeenskap voete van klei het.

Roxo was ’n aartappel boer in Angola, tot sy familie wreed op die ritme van ’n Marxistiese ideologie vermoor is.



Malherbe
Uitgewers
Publishers
Distributors




Release Date: 20 Nov 2018
ISBN 978-1-928-41350-9
Book Name: Tweede kans - Sonja Brown
Author: Sonja Brown
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 121

Nika slaan die klein kardeur ekstra hard toe.
“Jy kan gaan vlieg, Helgard Guttenberg! Sonder vlerke!”

Sy begin vies aanstap, maar die los klippies op die sypaadjie is genadeloos met haar fyn hakkies en haar enkels swik gevaarlik.

“Wat het my besiel?” mompel sy.

Helgard ry ‘n entjie vorentoe.

“Komaan, Poppie! Ek weet hierdie is ons eerste afspraak, maar jy het sekerlik nie in ‘n klooster groot geword nie. Jy kan maar stry, maar ek weet dat jy reg is vir ‘n bietjie sports. Jy is soos ‘n ryp perske, reg om gepluk te word.”

Hy kyk agtertoe. “Klim tog net in. Netnou ry iemand wat my ken by ons verby,” pleit hy. “Asseblief!”

Nika skud haar kop. Hy het haar vir maande lank probeer uitneem vir ete, en sy is bitter spyt dat sy tot dié afspraak ingestem het. Sy besef nou eers werklik hoe oppervlakkig Helgard is. ‘n Ware heer sou bekommerd gewees het oor haar skoene, of die feit dat dit donker is en dat sy wil huis toe loop. Vir Helgard bestaan net hyself.....

Adult Afrikaans

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 20 Nov 2018<br>ISBN 978-1-928413-51-6<br>Book Name: Draghoender debakels - Sonja Brown<br>Author: Sonja Brown<br>Category: Humour<br>RRP: R90<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: B6<br>Pages: 136 |

Draghoender debakels is skreeusnaaks en jy kan jou regmaak vir 'n uit-die-maag-lag-leesgenot.

Nou kyk, Sylvia was popmooi op haar dag. Spierwit tanne, grênd haarstyl, en ‘n lyfie wat enige pêreby by ‘n inrigting sou lat inboek het.

Ag, natuurlik het sy ‘n vurige persoonlikheid gehad ook, angel en al, maar hiervan wis ou Sakkie Draghoender niks tot die dag wat hy die strop om die nek gekry het, maar daarby sal ek later kom.

Nie net was sy pragtig nie, maar al wat ‘n mannetjie is, het drome gedroom van ‘n toekoms saam met haar. En hét hulle onder mekaar gewedywer! ‘n Mens kan maar sê lat daar ‘n moewiese kompetisie was onder mekaar,

maar niemand het ooit die storie in die publiek aangeroer nie.....

Adult Afrikaans




Release Date: 20 Nov 2018
ISBN 978-1-928-41348-6
Book Name: Adderjan - Sonja Brown
Author: Sonja Brown
Category: Humour
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 127


Jy kan jou regmaak vir 'n uit-die-maag-lag-leesgenot

“Ek sê vir jou, Sandratjie, as daardie Adderjan Beukes weer sy groot pote op my plaas se grond sit, gaan ek Dirkie uithaal!”

Sandra Vermeulen sug raadop. As haar pa eers in só ‘n bui is, is daar geen salf aan te smeer nie.

“Pa, as die ouderling pa hoor, skop hulle pa uit die kerk uit! Buitendien, Adriaan is ‘n gesien man in die Oos Kaap. Die polisie sal dit deeglik ondersoek.” Sy lag senuweeagtig. “En hoe weet pa dat Dirkie nog kan skiet? Sê nou die koeëls ontplof in pa se gesig?” Dirkie is ‘n horing- oue .303 wat lyk of dit uit die Bybelse tyd dateer....

Adult Afrikaans




Release Date: 25 Oct 2018
ISBN 978-1-928415-68-8
Book Name: Dowwe Spore - Ina Cantoni
Author: Ina Cantoni
Category: Romance
RRP: R176


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 163

Hanna is ’n enkel mamma met twee kleuters en swanger. Sy trou met ’n boorman. Vyftien jaar van rondswerf en swaarkry wag op haar.

Sy kyk terug op ’n lewenspad waar haar spore dof is en soms heeltemal verdwyn. Nes sy dink haar swaarkrytyd is verby, slaan die noodlot weer toe.

Hoeveel pyn kan een mens dan verduur sonder om te knak?

Ons eie lewens is soms vol Hanna’s, maar uit Hanna se verhaal leer ons om te bly hoop. Die spore wat ons trap is nie altyd hoe ons dit beplan nie. Soms laat ons dowwe spore agter totdat die lewe eendag vir ons die duidelike spore aandui.




Release Date: 22 Oct 2018
ISBN 978-1-928415-65-7
Book Name: Uiters Geheim en ander anekdotes - Kobus de Villiers
Author: Kobus de Villiers
Category: Memoir - War (Humour)
RRP: R332

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B5
Pages: 355

Elke seun wil op een of ander stadium ’n brandweerman, vlieënier, Springbok rugbyspeler of renjaer word. Baie selde word hierdie drome bewaarheid.

In die laat sestigs is Rusland en Amerika in die ruimtewedloop. In die Koue Oorlog word nuwe vliegtuie en ruimtetuie ontwikkel. ’n Kaalvoet seun in die Vrystaat volg alles in die nuus en wil vir NASA werk, maar wil ook ’n renjaer word. Sy kamermure is vol prente van renmotors, vliegtuie en ’n kaart van die maan met moontlike landingsplekke. Hy leef in sy verbeeldingswêreld en skets planne van vuurpylenjins

en vliegtuigvlerke. Hy bou ’n vuurpylenjin wat werk met ’n trekker se kragparaffien. Hy leer ook dat Suid-Afrika se politiek dit amper onmoontlik maak om dié drome te kan beleef.


Hy gaan skool in Welkom, doen sy diensplig in 6 SAI en 2 SAI en studeer Ingenieurswese by Tukkies. Hy werk in Suid-Afrika se jong lugvaartindustrie en sy eindelose verbeelding skep ’n geleentheid om in die buiteland te gaan studeer en werk.

Dié boek is ’n versameling anekdotes van hierdie epiese reis vanaf die stowwerige gruispaaie van die Vrystaat tot die Autobahn na Stuttgart, die Golden State Freeway verby Caltech se Jet Propulsion Lab kampus. Hy woon en/of werk in verskeie lande. In Rusland werk sy span in Leonid Brezhnev se Dacha op die mees ongelooflike lugvaartsamewerkingsprojek. Iewers langs die pad ontmoet hy ’n beeldskone, slim Franse meisie. Projeksekerheid is oortuig sy werk vir die Franse geheime diens.

Dit is ’n lang en ongelooflike pad van Welkom in die Vrystaat tot by Einstein se kantoor …

Kobus de Villiers is in Bloemfontein gebore en het in Welkom skool- gegaan. Ná sy loopbaan is hy nou afgetree. Hy doen steeds konsultasiewerk en bou

eksperimente in sy werkswinkel by die huis. Kobus woon saam met sy vrou op die weskus van Kanada. Hulle het ook ’n kuierplek in die suide van Frankryk.

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 17 Oct 2018<br>ISBN 978-1-928415-58-9<br>Book Name: Vuurspel - Wilmarí Jooste<br>Author: Wilmari Jooste<br>Category: Romance, Adult<br>RRP: R224<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: 186 |


Identiese tweelingbroers, Ivan and Richter Wessels, se wêreld verander binne drie dae in totale chaos. Brandweerman Richter Wessels beland in die hospitaal nadat hy die multi-miljoenêr, Mia Reiniër uit haar brandende huis red. Advokaat Ivan Wessels loop hom keer op keer vas in verpleegster Bianca Brink.

Dit asof albei die broers liefde vind, maar Mia is nog steeds getroud met Conrad Fourie en Bianca dryf Ivan teen die mure uit.

Sal Bianca se verhouding hulle uiteenlopende persoonlikhede oorleef? Ivan, tipiese advokaat, probeer Bianca oordonder, tot so 'n mate dat sy 'n drastiese besluit neem. En wanneer Conrad Fourie uit aanhouding ontsnap, lyk dit asof tragedie vir beide Mia en Bianca tref.

Gaan Bianca betyds wees om Ivan weer te sien, of gaan dit vir hulle albei te laat wees.

Adult Afrikaans




Release Date: 25 Sep 2018
ISBN 978-1-928415-56-5
Book Name: Optelgoed is hougoed - Roeline Snyders
Author: Roeline snyders
Category: Romance - Short stories
RRP: R135


Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 111

Hierdie bundel is my ode aan die inwoners van Bulletrap, my hartsmense, my klipmense.

Bulletrap is ‘n klein bergdorpie wat so knoestig genestel is tussen klipkoppe, 30 km vanaf Springbok in ‘n noordelike rigting. Weggesteek, amper jaloers weg van die gewoel.

Dis hier waar ek as skrywer my inspirasie kry, tussen hierdie hartsmense wat ek my eie noem. Mense wat my omarm het met my aankoms hier, en my as hul eie aanvaar het. Die geskiedenis sypel uit hierdie klipkoppe en sy mense en is enige kunstenaar se droom.

Adult Afrikaans

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 16 Aug 2018<br>ISBN 978-1-928-41343-1<br>Book Name: Geroeste Skakels - Ina Cantoni<br>Author: Ina Cantoni<br>Category: Romance<br>RRP: R171<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: 121 |

Dit raak stil. Asof woorde opgeraak het. Natuurlik kan woorde opraak! Alles wat gesê moet word, is mos nou klaar gesê? Of is daar nog iewers ʼn versteekte woordeboek, een wat niemand nog ooit gesien het nie, nog woorde en sinne wat dalk regtig sin maak. Miskien as die stof nou wegwaai sal die blaaie kan oopblaai? Is daar dan ʼn storie wat nog nie vertel is nie?


Met rukkende of is dit hortende asemstote soek Riana verward in haar deurmekaar wêreld na die boek. Sy knik haar kop stadig op en af asof sy die antwoord so pas gevind het.

"Riana? Is daar iets wat jy onthou? Probeer die woorde lees dan vertel jy my wat jy sien."

Hierdie hartroerende verhaal vertel van die seer van ‘n ma deur haar dogter verwerp. Kan liefde weer gevind word na al die hartseer?



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors





Release Date: 08 Aug 2018
ISBN 978-1-928413-54-7
Book Name: Onverklaarbaar - Louw Grobler
Author: Louw Grobler
Category: Supernatural - Short stories
RRP: R169

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 195

Onverklaarbaar is 'n bundel met kortverhale vir diegene wat nog daarvan hou om stories te lees van mense wat snaakse dinge beleef.

Ek dink ons moet maar aanvaar dat ons net die dinge kan probeer verstaan wat ons kan sien en kan tas; wat meer as dit is moet ons maar aanvaar as ver bokant ons begripsvermoë.

Adult Afrikaans




Release Date: 30 Jul 2018
ISBN 978-1-928413-45-5
Book Name: Eva en haar Adam - Wilmarí Jooste
Author: Wilmari Jooste
Category: Romance, Adult
RRP: R190

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 166

Sy sit op 'n hoë kroegstoeltjie, voete ligweg gekruis om die hoë hakke ten beste te vertoon en bokant dit swart sykouse met patroontjies op om die aandag op haar welgevormde bene te trek. Die swart mini is nét lank genoeg om nie heeltemal onwelvoeglik te wees nie. Die bolyf sit knus genoeg om die ronding van haar borste 'n bietjie te lig, maar geen juwele om die aandag daarvan af te lei nie.

Haar grimering is met 'n swaar hand aangewend en onder die vals oogwimpers dartel die groen oë lewendig rond. Haar hare is pikgietswart en hang langs haar gesig verby tot onder haar skouers....

Adult Afrikaans





Release Date: 15 May 2018
ISBN 978-1-928413-93-6
Book Name: Ek Onthou: Boek 3 - Onthou om te onthou - Die reis duur voort - Andri Nieuwoudt
Author: Andri Nieuwoudt
Category: Memoir
RRP: R184

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 192

(Boek 3 van 3)
Die reis wat begin het in die stofstrate van ‘n klein myndorpie op die Noordwes grens van Suid Afrika het gelei deur die opleidings eenhede van die Universiteit van Stellenbosch en eers ‘n jong geneesheer uitgespoeg en later na ‘n kort rondreis deur die platteland van Suid Afrika en Suidwes Afrika, ‘n ginekoloog. Die het sy heenkome in Somerset Wes bevind waar hy gesin gebou het, pogings aangewend het om te vestig as Ginekoloog in privaat praktyk, maar tog gedwonge gevoel het om uit te beweeg in die groot onbekendheid van Nederland. Hierdie is ‘n omvang van hierdie laasgenoemde reis. Die voorbereiding as mens was in Namakwaland – die onderwerp van die eerste van die

trilogie boeke, die tweede boek vul die voorbereiding as arts en ginekoloog aan.

Die reis is nog nie voltooi nie, en duur voort in hierdie derde deel tot en met die ingaan van pensioen.





Release Date: 15 May 2018
ISBN 978-1-928413-92-9
Book Name: Ek Onthou: Boek 2 - Ervarings herinnerings - Andri Nieuwoudt
Author: Andri Nieuwoudt
Category: Memoir
RRP: R158

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 144

(Boek 2 van 3)
Hierdie lewensreis word voortgesit: gebore in Alexanderbaai, maar-soos dit maar gaan as jy klein is word jy saamgeneem- waarheen het jy geen seggenskap nie en nog minder beheer oor- het. In Upington beland saam met ‘n gesin wat alreeds groot was. Dit was ‘n soort van ontsnappings poging deur my pa. Met die koms van my verstand en bewus wording van my omgewing het ek my in Upington bevind. Blykbaar was ek in ‘n kar gelaai en weggeneem uit my geboorte omgewing.

Soos die ligte van bewuswording in my brein aangekom het, en geleidelik stukkie vir stukkie soos dit met die terugdink na vore kom, is daar aanvanklik los brokkies en

later meer aaneenlopende stroke van tydslyns gewaarwordinge.




Release Date: 15 May 2018
ISBN 978-1-928413-91-2
Book Name: Ek Onthou: Boek 1 - Andri Nieuwoudt
Author: Andri Nieuwoudt
Category: Memoir
RRP: R206

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 232

(Boek 1 in 'n reeks van 3)

Die wisselwerking tussen wat jy dink jy bereik het en dit wat jy eintlik maar is, word alleen beheer deurdat jy kan terugstaan van die hier en nou en eintlik maar staatmaak op waar jy vandaan kom.


Hierdie lewenslynboek is in ‘n sin ‘n ode aan my gesin en hul gesinne deurdat ek bevoorreg is om hierdie lewe te kon lei: alles eintlik maar genade. Dis ook ‘n herdenking aan die wat deur my handelinge, medies of andersins, benadeel is. Miskien het ek tog iemand kon positief beïnvloed deur sekere van die dade ook.

Wat begin het in die stofstrate van Alexanderbaai, ‘n klein myndorpie aan die weskus van Suid Afrika, wat orals

drade wat as lewenservaring beskou kan word, opgetel het in Suid Afrika en later in die res van die wêreld, sal hier weergegee word.

Dis egter maar nie veel anders as jou eie verhaal nie. Dis miskien nie ‘n besondere lewe nie, maar dit is myne en kon joune ook gewees het: dit is wat dit groot maak.

Ek nooi u uit om die pad saam met my te loop wat ek geloop het: ek belowe jou ek sal jou nie verveel nie, want ek was anders, en die andersgeit is my normaal.




Release Date: 03 May 2018
ISBN 978-1-928413-87-5
Book Name: Vlug of veg - Wilmarí Jooste
Author: Wilmari Jooste
Category: Romance, Adult
RRP: R216

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 260

Opgedra aan soveel vroue wat daagliks blootgestel word aan emosionele of fisieke mishandeling, en vasgevang word in die bose kringloop daarvan.

Hulle paaie kruis elke oggend op presies dieselfde plek, dag na dag... behalwe Sondag. Sy draf nie op Sondae nie. Sondae laat hom gefrustreerd voel; dit en die dae wat sy somtyds onverwags nié daar is nie.


Hulle was van die begin af bewus van mekaar en van daar af het hulle stadigaan begin uitkyk vir mekaar, veral hy vir haar omdat daar, na die dae wat hy haar nie gesien het nie, gewoonlik kneusplekke sigbaar is. Soms is dit op 'n arm of 'n been, selfs haar wangbeen, maar wat hom die meeste bekommer is wanneer daar nié kneusplekke was nie, maar die onsigbare nadraai van

iets erger. Dis die tye wanneer sy ooglopend stadiger beweeg, en dat daar tekens van pyn op haar gesig sigbaar is as 'n mens, soos hy, op die uitkyk is daarvoor.



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 24 Apr 2018
ISBN 978-1-928413-97-4
Book Name: Salvokop - Ina Cantoni
Author: Ina Cantoni
Category: Romance
RRP: R243

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 189

In die vroeë jare 60, was Salvokop 'n spoorweg dorpie. Meeste inwoners was arm spoorweg-werkers. Janetta word by haar pa groot, talent-volle pragtige rooikop. Mario 'n Italiaanse sanger besoek Suid Afrika, wanneer hy die mooi rooikop sien, verloor hy sy hart. Hulle planne loop skeef as Mario dringend moet teruggaan Italië toe.


Omstandighede en mis-verstande skei hulle paaie.

Gaan Janetta met haar skoolliefde trou?
En Minjonette...?

Soms neem die lewe sy eie loop.....

’n Tere liefdesverhaal van drome en misverstand en sal die liefde weer oorwin?


Adult Afrikaans




Release Date: 17 Apr 2018
ISBN 978-1-928413-81-3
Book Name: Uitgekies vir my - Amanda Pio
Author: Amanda Pio
Category: Romance
RRP: R156

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 123

Marga was 'n bekende skryfster. Dominee Hardus van der Westhuizen herken haar as sy vrou waarop hy al so lank wag. Sy vertel hom sommer van die begin af dat sy nie belangstel nie. Vir niks te wereld raak sy 'n pastorie moeder nie. Sy wat nie eers aan God glo nie. Hy wat toe gelaat het dat haar geliefde dood geskiet word. Hy het geduldig vir haar gewag om oor haar hartseer te kom. En was hy nie geduldig nie! Hy kry haar lief en dwing haar om met hom te trou teen haar wil. Dan kry sy hom teen haar sin lief. En baie stadig stelselmatig breuk hy die muur om haar af. Laat haar insien. Dat God goed is. Dat dit wonderlik is om hom te dien!




Release Date: 12 Mar 2018
ISBN 978-1-928413-99-8
Book Name: Omnibus 3
Author: Potpourri Skrywers
Category: Romance - Short stories
RRP: R150

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 133

A5 - Tyd van vrees:
Franciska Mouton
Dr. Cornel Schutte besluit om te gaan ondersoek instel na die bonatuurlike gebeure op 'n kleinhoewe nadat sy drie meisies behandel het met eienaardige krapwonde. Ouma Gabrielle het nie verniet gesê: 'Cornellie, jy is ook met die helmet gebore, nes ouma en jou oumagrootjie.

*****


300, 6de Laan:
Sonja Brown
Die 6 jarige Bets sê die huis praat met haar. Annie en Eben maak dit af as haar verbeelding. Dan verdwyn sy spoorloos... 'n Grusame ontdekking word gedoen wanneer na Bets gesoek word.

*****

Die vloek van die bose:
Piet Saayman

Frans en Erika is besig om ’n hoop rommel, wat aan die agterkant van die huis teen die buitemuur opgestapel is, te verwyder. Hulle ontdek ’n deur wat na die kelder lei. Maar dis wat ín die kelder is, wat hulle lewe omskep in hel.

Adult Afrikaans




Release Date: 12 Mar 2018
ISBN 979-1-928413-94-3
Book Name: Die vroue van Meerlaagte - Ria Richards
Author: Ria Richards
Category: Romance
RRP: R176

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 168

Mariska vier haar 20ste verjaarsdag saam met vriende by ’n jolplek in die stad. Sy kom laatnag met ’n vreemde man by die huis aan wat met sy motorfiets geval het. Ansa help die vreemdeling om die sny in sy wang te ontsmet en verbind sy beseerde been.

Die geheimsinnige John en sy klein boerboel bly die nag op Meerlaagte oor. ’n Dag word ’n maand, ’n Maand word drie maande. Een oggend is John net weg. Die enigste teken dat hy op Meerlaagte gebly het, is ’n totsiens briefie en die pap bek boerboel wat hy agtergelaat het. En agt maande later, is Nadine gebore.

Die Van Sandwyk vroue ontmoet Schalk Odendaal in ’n komiese situasie een oggend in ’n restaurant. Ansa kan die man nie verdra nie, maar Mariska het ander planne

met die aantreklike, blonde argitek. Sonder dat Ansa weet, nooi Mariska Schalk en sy vriende Meerlaagte toe vir die naweek.

Die hart wat die Ysprinses vir 28 jaar sorgvuldig bewaar het, verloor sy gedurende die naweek terwyl die jolige klomp dit op Meerlaagte geniet. Tog vertrou sy Schalk glad nie. Die een oomblik soen hy haar aan die brand, die volgende oomblik vra hy uit oor Mariska. Dis duidelik dat die man sy eie agenda het met die twee Van Sandwyk sussies.



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 28 Feb 2018
ISBN 978-1-928413-70-7
Book Name: Hagar - Martha Poller
Author: Martha Poller
Category:
RRP: R275

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 275

Die storie van Hagar is eintlik maar ons almal se storie. Elkeen van ons het ‘n Hagar, ‘n Abraham, ‘n Sara iewers in ons. Afhangende van hoe ons daarna kyk, kan dit my of jou storie wees hierdie.

Ek wou en ek moes al lankal my eie storie skryf, maar terwyl ek nie die moed het daarvoor nie, sien dan die storie van Hagar as my eie lewensverhaal.

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 28 Feb 2018<br>ISBN 978-1-928413-82-0<br>Book Name: Dertien vir geluk - Wilmarí Jooste<br>Author: Wilmari Jooste<br>Category: Romance, Adult<br>RRP: R217<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: 196 |

Die Blou Lantern is vanaand behoorlik gepak. Daar is gaste wat al die pad van Bethlehem en Clarens kom om na vanaand se vertoning kom kyk.

Toe Cariana uiteindelik op die verhoog verskyn met die kollig op haar, is dit so stil dat 'n mens 'n speld kan hoor val. Sy het dieselfde blou kostuum aan as waarin Rudolf haar die heel eerste keer gesien het.

"Mamma! Klink die opgewonde stemmetjie van klein Ettienne waar hy op Rudolf se skoot sit. Hy is 'n jaar en vyf maande en baie glad met die bekkie.

Die musiek begin polsend, meesleurend, en Cariana se slanke liggaam begin beweeg toe sy haarself optrek om in

die een posisie na die ander optrek. Elkeen wat haar sien weet dat sy 'n groot talent het vir paaldans.

Toe sy uiteindelik klaar is, kry sy 'n staande ovasie wat sy met 'n ligte buiging erken. Rudolf hou Ettienne uit na Pieter, wat langs hom sit. “Hou gou 'n ogie asseblief?”

Pieter loer met 'n vonkel in sy oë na Linda terwyl hulle na hulle oulike peetkind kyk. “Hoe lyk dit, kan ek so 'n paal in ons kamer laat installeer?” fluister hy tergend.


“Baie oulike idee,” fluister sy terug. “Ek sal dol wees om jou dop te hou terwyl jy vir my dans.”

“Ja, slim, mevrou dominee. Die idee is dat ek jóú dophou.”


Linda loer skrams na hom. “Dit sal 'n bietjie moeilik wees.”

“Hoekom?” vra Pieter fronsend......

Adult Afrikaans

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 22 Feb 2018<br>ISBN 978-1-928413-75-2<br>Book Name: Die Geheim van Pine Creek - Adriaan Louw<br>Author: Adriaan J Louw<br>Category: Detective<br>RRP: R151<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: 139 |

Die verhaal van ‘n stuk grond teen die hange van ‘n bergreeks in die Ooskaap. Die kontroversiële manier waarop dit van eienaar verwissel het, lei tot heelwat onbeantwoorde vrae. Wie is eintlik die regte eienaar? Daar word egter ontwikkeling op die grond gedoen, wat sou lei tot 'n deftige hotel in die pragomgewing. 'n Byna ongelooflike ontdekking word in die berg gemaak. Deur hulle liefde vir die natuur, doen die huidige eienaars alles in hul vermoë om die geheime van die berg te bewaar.

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 03 Jan 2018<br>ISBN 978-1-928413-65-3<br>Book Name: Die Kleur van My Pen - Tuiskoms - Martha Poller<br>Author: Martha Poller<br>Category: Realiteit, Kort stories<br>RRP: R207<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: 198 |

Iemand vra my anderdag waarom skryf ek? Vir wie skryf ek? Met ander woorde, is daar 'n doel agter my skrywery?

Dis glad nie so 'n eenvoudige vraag nie, hoor. Dit het my vir 'n oomblik laat frons, want wat dan nou? Waarom sou iemand so iets vir my vra?

En toe weet ek!

Ek skryf omdat ek, binne 'n week of twee, eintlik hopeloos verslaaf geraak het daaraan. Dit voel soms vir my die baie goeters in my kop is net eenvoudig te veel en hulle roep, nee hulle skree op my om asseblief uit te kom.

Vir jare en jare het ek goed op papiertjies en toe later op die rekenaar geskryf en gebêre. Op ‘n stadium het ek ‘n boek gehad vir die skryfseltjies, maar dit het ook nie lekker gewerk nie. Waar ek ookal geskryf het, die goed het later verlore geraak. Dit laat ‘n mens so half ‘leeg’ voel, want waar is al die gedagtes dan nou heen?

Adult Afrikaans




Release Date: 06 Dec 2017
ISBN 978-1-928413-64-6
Book Name: Omnibus 2 Liefde is...-
Skrywers:Jason Mada, Vasti Wolfe en Taai Bonthuys
Author: Vasti Wolfe
Jason Mada
Taai Bonthuys
Category: Romance, Short stories
RRP: R171

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 116

Liefde is wetenskaplik - Geskryf deur Jason Mada
Liefde is gevaarlik - Geskryf deur Vasti Wolfe
Fluisteringe van die hart - Geskryf deur Taai Bonthuys


"Zia haal die swart aandrok uit die hangkas, vryf sagkens oor die deurskynende plastiek omhulsel waarin dit is, en hang dit weer terug. “Een van die dae… Een van die dae gaan ek jou uit die sak haal en aantrek. En dan gaan die poppe dans…” glimlag sy sag. “Arno se skilletjies gaan van sy mooi blou oë af val en sy mond gaan oophang, en ék gaan my verlustig in elke liewe sekonde daarvan.”

Arno Viljoen staan met sy rug teen die onthaalsaal se muur. Dit is die wetenskaplike instituut waarvoor hy en honderde ander mense werk, se jaarlikse erkennings-aand.

Oral staan groepies mense, meeste met ’n drankie in die hand. Sy oë gly oor die vloer waar heelwat pare lywe wikkel en ’n glimlag vorm om sy mond. Hendrik kan steeds nie dans nie, dink hy. Sedert hy hom leer ken het op universiteit, het al wat vroumens was hom probeer leer om te dans. Nie een kon hond haaraf maak nie.

Dan sien hy haar......"

Adult Afrikaans




Release Date: 05 Dec 2017
ISBN 978-1-928413-63-9
Book Name: Omnibus 1 - Skrywers: Sonja Brown, Franciska Mouton, Piet Saayman
Author: Sonja Brown,
Franciska Mouton,
Piet Saayman
Category: Romance, Short stories
RRP: R140

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 127


Liefde is beslis pienk
Geskryf deur: Sonja Brown
Liefde soos geel Magrietjies
Geskryf deur: Franciska Mouton
Die swart hings
Geskryf deur: Piet Saayman

“Brink Vermeulen… jou… jou… bliksem!” Elna tas blindelings na die handvatsel wat haar Nissan 1400 bakkie se deur moet oopmaak, maar uit woede gryp sy dit elke keer mis. Sy klap haar hand uit frustrasie teen die stuurwiel en reik na haar handsak onder die bestuur-

sitplek. Die swart leersak word oop gepluk en sy haal haar selfoon uit.

“Brink se nommer…” brom sy.

Dit lui lank voordat iemand die oproep beantwoord. Die vrouestem op die lyn neem die wind skoon uit Elna se seile. Sy was gretig om vir Brink Vermeulen te sê presies wat sy van hom dink.

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 29 Nov 2017<br>ISBN 978-1-928413-61-5<br>Book Name: Van Satynlakens tot TEERSTRATE - Liza Daniells (Net vir volwassenes, bevat kru taal)<br>Author: LizaDaniells<br>Category: Autobiography-Occult<br>RRP: R380<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: B5<br>Pages: 261 |

Resensie deur Magda Oosthuizen.

Waar sal ek begin?
Sommer by die begin. Wat 'n briljante boek!
(Ek het die voorreg gehad om die manuskrip te lees.)

Van Satynlakens tot Teerstrate is die outobiografie van Liza Daniells. 'n Klein dogtertjie wat van die ouderdom van 8 jaar, teen haar wil en onskuldig, vasgevang was vir 26 jaar in 'n hel van satanisme en seksuele mishandeling. Die verhaal vertel van haar onskuld, seer, vrees, drome, mislukking en oorwinning. Haar onbeskryflike, onskudbare geloof in haar Hero op sy forse spierwit arabierse perd. Haar ongenaakbare kinderlike geloof, want sy is tog maar steeds net daai klein wise-ass

dogtertjie, wat op haar Hero se voete dans, al is sy in 'n grootmens lyf.

Die boek is beslis nie vir sensitiewe lesers nie. Ook nie vir die tannies wat Woensdae oggende vroue biduur hou en met n koppie tee oor en weer vertel van hoe perfek hul lewens en huwelike is nie. Dit is baie eksplisiet. Dit is rou en kru en opreg, dit is wat dit is, punt en klaar.

Die skryfstyl en taalgebruik is uniek. Die emosies en gebeure wat uitgebeeld word laat die leser in trane, saam lag, kwaad, jammer, dankbaar, skuldig, nederig en sommer net alles deurmekaar. Ek moes menigte male vir Liewe Jesus vra om my asseblief te vergewe. Die waarhede en openbarings wat in die boek weggesteek lê bring mens tot nuwe insigte en forseer jou om raak te sien, die dinge wat ons onsself so maklik teen blindstaar.

Ek is geen ekspert of professionele skrywer nie, maar ek weet wat ek beleef het en die verskil wat dit in my hart gemaak het vandat ek begin het tot en met ek daai manuskrip se laaste bladsy gelees het. Van begin tot einde was ek vasgenael; en dit was nie soos met enige fiksie of romanse nie. Ek het eerlikwaar geen kritiek om te lewer nie.
Al wat ek weet, is dat ek die boek 110% aanbeveel.

Adult Afrikaans




Release Date: 29 Nov 2017
ISBN 978-1-928413-22-6
Book Name: Kronkelpaaie van die lewe - Joey Haywood
Author: Joey Haywood
Category: Romance
RRP: R191

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 169

Sonja Jordaan staan op die boonste trappie van die stoep van haar nederige huisie in Rouxville, ‘n klein Vrystaatse dorpie. Hartseer kyk sy hoe Marius, haar man van ses jaar, die bakkie vol kampeertoerusting pak. Marius en hul vyfjarige seuntjie, Arno, gaan bietjie 'manne-naweek' hê. Die laaste vir hulle, want Sonja is hoogswanger met 'n tweeling. Sy kan nie saamgaan nie, want die paaie is baie rof by die rivier, so vyftig kilometer van Rouxville af, waarheen hulle gaan. Ou Anna, hul betroubare bediende, gaan vir die naweek inslaap om na Sonja te kyk.

'Marius, my Lief, ek is bang!' roep sy na haar besige man.

Verbaas los Marius als en stap vinnig na haar toe. 'My Vrou, dis onnodig. Als gaan reg wees. Dis pragtige weer, die bakkie is hersien, ons het genoeg kos en ons slaap in

die bakkie. Al wat gaan kort, is jy, my Skat!' Hy neem haar in sy arms en hou haar styf vas......




Release Date: 21 Nov 2017
ISBN 978-1-928415-20-6
Book Name: Die Swaai - AnnMaree Barry
Author: AnnMaree Barry
Category: Romance, Erotica
RRP: R281

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 192

Die Swaai is 'n volwasse erotiese boek wat vertel van 'n vrou se begeertes en tot waar sy sal gaan om haar fantasie uit te leef. Moord en fantasie is 'n dodelike kombinasie.

Resensie - Franciska Mouton

Die voorblad van DIE SWAAI vertel al klaar sy eie storie. So ook die naam van die boek.

My nuuskierigheid het beslis die oorhand gekry, en móés ek weet wat binne die bladsye gebeur.
ANNMAREE BARRY stel glad nie teleur met haar verhaal oor DIE SWAAI nie.

Baie subtiel trek sy die leser saam met haar twee hoofkarakters, in 'n wêreld in van "SWINGERS" waarvan mense dalk weet, maar geen kennis dra nie.

Ook ek was verstom oor die kennis waarmee die skrywer die verhaal geskryf het.

Die twee hoofkarakters Kataleen en Ruan Viljoen, bevind hulle te midde in 'n wêreld waarvan hulle ook heeltemal onbewus was, en waaruit hulle eenvoudig nie wou of kon kom nie.

Die storie maak dan 'n verrassende draai, met 'n kinkel in, wat die leser heeltemal verstom laat.

Die SWAAI is beslis insiggewend.
Maar definitief met 'n ouderdom beperking. Word nie vir kinders aanbeveel nie.



Malherbe
Uitgewers
Publishers
Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 21 Oct 2017
ISBN 978-1-928413-21-9
Book Name: Moordenaar van my siel - Joey Haywood
Author: Joey Haywood
Category: Romance
RRP: R171

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 111

Santie Viljoen lê opgekrul op die papierdun matras. Sy bibber van die koue. Al wat beweeg, is haar oë. Sy sien hoe die ander vrouens, van elke kleur en geur, rondskarrel om die enigste toilet en wasbak wat daar is, te gebruik. Skielik voel sy ‘n warm hand op haar been. Sy ruk van die skrik en kyk op. Dis ‘n swart bewaarder.

‘Kom, hulle soek jou daar bo,’ sê sy. Wat sal die toekoms vir Santie inhou?

Sal sy uit die tronksel kan kom?




Release Date: 20 Oct 2017
ISBN 978-1-928512-48-6
Book Name: Anderkant die spoorlyn - Joey Haywood
Author: Joey Haywood
Category: Romance
RRP: R155

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 123

Sag hou Gert Brink sy vrou se hand vas. Trane stroom oor die groot man se wange. 'Lief, asseblief, moenie my alleen los nie! Ek kan nie sonder jou nie,' snik die groot man die woorde uit.


'My Man, dis...' Christa Brink sukkel om te praat.

'Sjuut, nie nou praat nie, my Skat,' maak Gert sy vrou stil.

'Nee,' begin Christa hortend praat. 'Ek moet. Jy moet belowe...'

Gert leun vorentoe om sy vrou se fluisterstem te kan hoor. 'Enigiets, my Lief, enigiets.'

'Noem ons seun Johan Petrus. Kyk mooi…' Verder kom Christa Brink nie. Sag blaas sy haar laaste asem uit....




Release Date: 15 Oct 2017
ISBN 978-1-928413-74-5
Book Name: Bloedmaan - Hennie Malan
Author: Hennie Malan
Category: Detective, Conservation
RRP: R159

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 157

Trudie kom na ’n gewone werksdag by haar woonstel. Elsa deel haar mee dat ’n man haar gesoek het. ‘n Ruk later is daar ’n klop aan die deur. Weerlig sweepslag by die woonstel terselfdertyd. Toe sy die deur oopmaak spring ‘n kort mannetjie die woonstel binne. Hy het nie rekening gehou met Trudie wat hom blitsig grond toe gebring het, tot Elsa se ontsteltenis want dis die man wat Trudie gesoek het.

Trudie is geskok toe sy hoor die man wat die woonstel binne gespring het ’n prokureur is wat haar tweede pa se sake behartig, van wie se bestaan sy nooit van geweet het nie. Verstom moes sy aanhoor dat sy die erfgenaam van ’n wildsplaas geleë aan die voete van die Soutpansberge.

Trudie se vriendin Rika sterf kort nadat ’n man 'n bos rose vir Trudie gestuur het.

Op die wildsplaas ontmoet sy Vennessa haar suster wat haar vyandig behandel. Die eerste aand ontmoet sy Rudie wat haar voete dadelik onder haar uitgeslaan het. Daai eerste aand word daar ook 'n briefie met bloed op geskryf in Trudie se kamer gelos.

Trudie moet die handewerk aanskou van renosters wat geweteloos gestroop word. Tot waar haar eie lewe in gevaar kom...



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors

Adult Afrikaans




Release Date: 13 Oct 2017
ISBN 978-1-928412-23-3
Book Name: Vrug van die herfsjare - Frane Pre Du (Kortverhaal bundel)
Author: Frane Pre Du
Category: Romance, Short stories
RRP: R140

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 130


Hierdie bundel het voortgevloei uit die feit dat ek altyd ‘n storie het om te vertel.  Almal weet ek praat te veel en te hard, soos my pa, maar dis omdat ek dit in alle erns en opgewondenheid wil oordra. Ek doen dit dus eerstens, omdat die Here aan  my die talent gegee het en ek byna met leë hande voor Hom te staan sou moes kom...In my herfsjare het ek dus ontwaak en bied aan julle wat nog deur my verbeeldingryke gedagtes voort kan vloei.

Een dag was daar 'n dokumentêre film oor die lewe van boemelaars in Johannesburg en dit het my getref en met weemoed vervul. Een man het vertel dat hy getroud was en dat sy vrou hier iewers bly en slaap onder sylakens. Dit het my aan my hart gegryp. Almal skryf 'n storie, maar iewers is dit tog maar verweef met jouself en eie

wedervarings. 'n Persoon sê iets en dan neem dit gestalte in en kort voor lank word 'n storie gebore.

My vriendin het altyd gesê dat sy maklik 'n sepie episode mis, want ek vertel dit met jota en titel, asof sy dit self sien. Daarom dan is ek ook lief en kan ek my makliker uitdruk in dialoog vorm.

Adult Afrikaans




Release Date: 10 Oct 2017
ISBN 978-1-928413-23-3
Book Name: Dans met die dood - Joey Haywood
Author: Joey Haywood
Category: Romance
RRP: R163

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 143

Dit klink of die dak van die Staatsteater in Pretoria lig soos die gehoor hande klap. Soos een man staan hulle op en klap hande. Hier en daar klink ‘n wolwefluit op.

Die rede vir die oorweldigende applous is Retha Visser, die pragtige klein ballerina. Sal dit die laaste aand wees vir Retha?

Lees hierdie hartroerende verhaal van hoe ‘n mens se lewe in een sekonde kan verander....

Adult Afrikaans





Release Date: 09 Oct 2017
ISBN 978-1-928415-01-5
Book Name: Fyn lyn tussen Liefde & Haat - Amanda Pio
Author: Amanda Pio
Category: Romance
RRP: R147

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 155

Marcel en Stefan se lewe begin toe hy haar die eerste keer in Graad 1 Sien. Hy kry haar lief met 'n seunshart, met 'n liefde wat met die jare groei tot 'n volwassenheid. Sy leer om hom te haat en te vrees.

Sy begin werk ver weg van haar ouerhuis en van Stefan af. Vir nege jaar ontwyk sy hom. Dan loop sy hom weer eendag raak. Sy raak halsoorkop verlief op hom. Hy begin dink dat alles nou reg is tussen hulle. Maan 'n misverstand ontstaan tussen hulle en sy vat weer die pad.

Na 'n lang tydperk verlang sy huistoe en kom dan terug. Met 'n skok moet sy hoor dat sy verkeerd was. Stefan wil haar nie weer terughê nie. Alhowel sy hom nog bitter liefhet. Kan Stefan se hart weer sag word vir haar? En kan hy haar vergewe? En die gemeente?




Release Date: 06 Oct 2017
ISBN 978-1-928413-20-2
Book Name: Jes - Ria Richards
Author: Ria Richards
Category: Romance
RRP: R229

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 253


Jes Naude word weke lank getreiter deur ’n foonpes na die vrystelling van ’n film waarin sy die hoofrol vertolk het. Die spanning is naderhand vir haar te veel en sy besluit om ’n rukkie te gaan ontspan op haar erfplaas – Villa D’ Viljee.

Sy was egter baie lank laas op die plaas en het nooit rekening gehou met Theuns Anderson wat tans die plaas by haar huur nie. Met haar aankoms op die plaas, beland haar sportmotor in die mielielande en is sy aangewese op die huurder, om haar daar uit te kry.

Die man is duidelik glad nie beïndruk met haar ontydige besoek nie, maar bied tog aan dat sy die gerieflike plaashuis met hom kan deel. Vir die arrogante man sien Jes beslis nie kans nie.

Sy volg die tweespoorpaadjie na die ou grasdakhuisie by die rivier, waar sy gekonfronteer word met ou herinneringe en spoke uit haar verlede. Toe verskyn die fraaie Hermien Wiese van die buurplaas op die toneel en krap Jes se lewe nog verder deurmekaar, net toe sy dink sy begin nogal van Theuns hou.


Malherbe Uitgewers Publishers Distributors




Release Date: 21 Aug 2017
ISBN 978-1-928415-00-8
Book Name: Niemand - AnnMaree Barry
Author: AnnMaree Barry
Category: Romance, Adult
RRP: R151

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 133

AnnMaree is 'n sersant verbonde aan die Calitzdorp-polisiestasie. Niemand is nie 'n boek wat oor geweldsmisdade en die oplos van sake gaan soos daar verwag word van 'n polisiebeampte nie. Dit is 'n hygroman waarin sy kwessies soos gesinsgeweld, waarmee sy gereeld in haar beroep gekonfronteer word, aanraak~Liezl van Niekerk.

"Sy word skielik bewus daarvan dat Michael besig is om te sukkel om uit die diep leunstoel op te staan. Mimi gaan nader en help hom stadig aan beide sy arms op. Dan vir ‘n breukdeel van ‘n sekonde is hul gesigte so na aan mekaar dat Mimi sy naskeermiddel kan ruik. Sy voel sy asem op haar vel. Instinktief is haar fokus op die lippe voor haar, hy het so ‘n pragtige vol mond.

Mimi kan haarself nie keer en leun vorentoe en soen Michael op die mond.  Sy besef vinnig dat hy nie weet wat om te doen nie, maar is so vasgevang in die oomblik dat sy nie beheer het nie, en hom weer soen. Hierdie keer raak sy liggies met haar tong aan sy onderlip.  Daar kom ‘n ligte sug oor die jong lippe..."

| | |
|---|---|
|  | Release Date: 16 Aug 2017<br>ISBN 978-1-928413-18-9<br>Book Name: Die Duiwel se Maat - Sonja Brown<br>Author: Sonja Brown<br>Category: Romance, Adult<br>RRP: R200<br><br>Publisher: Malherbe Uitgewers<br>Format: A5<br>Pages: |


Wenner van die Malherbe Uitgewers beste roman kompetisie - Augustus 2017

Lia Opperman, eienaares van Uitspan Bed&Ontbyt, se geldgierige ouers het haar op vyftienjarige ouderdom afgeteken aan haar tant Elizabeth vir 'n sak vol geld.

Nou is sy slegs na vier weke van getroude lewe met Markus, 'n onverwagte weduwee op die brose ouderdom van negentien.

As die erfgenaam van Markus se fortuin, is sy die mikpunt van 'n skelm prokureur wat wil hê sy moet afstand doen van haar erfporsie.

Michiel, Markus se broer, daag by haar huis op en die afsku wat hy oor die laaste twee weke teen haar opgebou het, is duidelik sigbaar met hul eerste ontmoeting.




Release Date: 19 Jun 2017
ISBN 978-0-6207509-1-1
Book Name: Filtervlinder - Elsabé Welman
Author: Elsabé Welman
Category: Romance
RRP: R298

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 263


Naaswenner van Malherbe Uitgewers Roman kompetisie.

Filtervlinder… die titel lok my nader. Met groot afwagting lees ek die Proloog en ek wil meer lees.

‘n Verhaal van menslikheid waar ons nuwe insigte kry in die alledaagse ervaringswêreld. Dit sny verhoudings oop en vertel ons van hoop, geloof en deursettingsvermoë asook mislukking en teleurstelling.
Die keurige taalgebruik en ook die natuurlike skryfstyl van Elsabé het my telkens opgeval. Ek het die boek terdeë geniet en met die toemaak van die roman kon ek dit nie verhelp om 1 Korintiërs 13 vers 13 hardop te sê nie:
“Al wat altyd sal bly
Is geloof, hoop en liefde – hierdie drie.
Maar die grootste hiervan

Bly steeds die liefde."
A5
'n Roman wat ek met die grootste liefde kan aanbeveel vir elke boekrak.
Prof JC Smit

"Dit is skemer. Haar knieë is opgetrek teen haar lyf. Die beddegoed opgefrommel om haar. Dis die eerste ordentlike ou wat hom nie skaam vir haar nie. Sanita Erasmus bedberaad met haarself. Sagte klapgeluide uit haar mond breek die stilte. Die kougom hou haar kake besig. Darius Berg hou haar gedagtes besig. Hy veroordeel nie. Sy sug en glimlag. Hy hou haar in die stroombaan. Sy met al haar wilde drange. Darius gee haar 'n kyk in sy leefwêreld, een met baie minder gagga as haar eie geknersde koninkryk. Sal hy uithou met al haar letsels? Hoe gaan sy hom behou? Een ding weet sy: haar pa en ma moet nie naby hom kom nie. Sanita se lyf trek saam soos sy gril van skaamte. ......."




Release Date: 17 Jun 2017
ISBN 978-1-928413-32-5
Book Name: As die liefde seëvier - Heleen Malherbe
Author: Heleen Malherbe
Category: Romance
RRP: R90

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: B6
Pages: 92


Heleen is in Pretoria gebore en daar groot geword. Sy het in 2000 begin skryf na haar seun se dood. In 2011 het sy ernstig begin skryf en drie digbundels gepubliseer. Van 2015 publiseer sy ander skrywers se werk.

"Vanoggend brand die helder son weer alles dood" praat Amanda met Paul, wat net sit, moedeloos met sy kop in sy hande.

"Wat ookal gebeur, my vrou, ek het hierdie stuk aarde baie lief", antwoord Paul.

"Die moordenaarskaroo is wreed, dor en naby die hel" praat Amanda hardop met haarself. Die timbre in haar stem roep haar hele wese tot stilstand......

Adult Afrikaans




Release Date: 27 Jan 2017
ISBN 978-0-9946981-0-0
Book Name: As die Binnekamer Praat
Author: Nicolette Fouldien
Category: Roman, Short stories
RRP: R161

Publisher: Malherbe Uitgewers
Format: A5
Pages: 312

Kortstories

Uit die binnekamers van ons hart is stories wat baie van ons verborge wil hou. Dis die dinge wat met ons gebeur waaroor ons soms liewer nie wil praat nie, om die rede dat ander ons so maklik oordeel en so swaar ons foute en oortredinge vergewe. Dis hartsverhale wat ons liewers verborge wil hou in ons binnekamers.

Hier kry ons te doen met Maria wie se dorre skoot gevul word met Tienie, haar aanneemkind wat so mooi na haar omsien, maar teen watter prys? ‘n Huishulp wat in ‘n sinkhokkie woon en sukkel om vir haar kind te sorg word onverwags ‘n miljoener. Die Ouma met haar moeilike kleinseun wat die Here se naam so ydelik gebruik kry sy straf, en die Dokter wat troos soek by ‘n

prostituut kry veel meer as wat hy voor gehoop het. Egbreek is sonde maar hoekom voel dit dan vir die onnugterde John so reg toe hy sy eersteliefde weer ontmoet? Is daar vergifnis vir twee tronkvöels wat opregte berou oor hul dade toon?........



Malherbe Uitgewers Publishers Distributors